

WKOD GELETTERDHEID-EN- SYFERKUNDIGHEIDSTRATEGIE 2006 – 2016

'n Versterkte, gekoördineerde en volhoubare benadering

©2006 Wes-Kaap Onderwysdepartement



WES - KAAP
Onderwysdepartement
Wes-Kaapse Provinsiale Regering



OPSOMMING

1. DIE KONTEKS EN DIE BESLUIT OM 'N NUWE STRATEGIE TE SKEP

Hierdie strategie vloei voort uit die Wes-Kaap se Menslikekapitaal-ontwikkelingstrategie en is die produk van 'n aantal jare se noukeurige ontwikkeling en beraadslaging met sleutel-belangegroep in die onderwys.

Die standontleding in die Menslikekapitaal-ontwikkelingstrategie stel duidelik wat die verskillende beperkinge en uitdagings is waarmee die provinsie te kampe het om ons mense vir die geglobaliseerde wêreld voor te berei. Een van hierdie uitdagings is die lae geletterdheids- en syferkundigheidsvlakke van ons leerders wat tot die hoë uitsak- en druiplakke bydra.

Sistemiese navorsing wat deur onder meer GTZ, die Nasionale Onderwysdepartement en die Wes-Kaap Onderwysdepartement onderneem is, dui daarop dat die geletterdheids- en syfervaardighede van die leerders in die Wes-Kaap ontoereikend is om hulle in staat te stel om doeltreffend te leer en te ontwikkel. Die WKOD het byvoorbeeld in 2002 die lees- en syferkundigheidsuitslae van 'n verteenwoordigende steekproef van graad 3-leerders in alle skole geassesseer. In hierdie studie is daar bevind dat slegs 36% leerders die lees- en syferkundigheidsuitkomst bereik het wat van 'n leerder in graad 3 verwag kan word. Die oorgrote meerderheid leerders in graad 3 het twee tot drie jaar benede die verwagting presteer.

Daar is dus besluit dat die strategieë wat in 2002/3 deur die WKOD van stapel gestuur is, versterk en weereens voorgelê moet word as 'n gekoördineerde "Strategie vir Geletterdheid en Syferkundigheid".

Die diagnostiese toetsprogram het ook getoon dat die prestasie van die leerders onder meer hoog met armoede korreleer. Die provinsie sal 'n holistiese benadering volg ten einde hierdie uitdaging die hoof te bied en om die ontwikkeling van arm leerders te ondersteun. Die Primêreskoolvoedingsprogram (PSVP) sal ook daaby ingesluit wees.

2. TEORETIESE ONDERBOU

In die postapartheidsera het Onderwysdepartemente nie onderwysers "opgelei" nie, maar hulle t.o.v. die beleidsdoelstellings en doelwitte van die Nasionale Kurrikulumverklaring "georiënteer". Daar was 'n onderbeklemtoning van kwessies wat met epistemologie verband hou en wat die konseptuele gereedskap voorsien waardeur onderwysers in staat gestel word om hul weg deur die nuwe onderwyspedagogiek te vind. Dit het die groei van kennis in verband met konseptuele ontwikkeling, vernuwing, kreatiewe denke en verbeelding belemmer. Hoewel daar die behoefte is om ons leerders te leer om te lees, skryf en rekene te doen, bestaan die foutiewe opvatting dat daar slegs een teorie is oor hoe leer plaasvind en dat die teorie te alle tye en in alle klaskamers van toepassing is.



2.1 Konstruktivisme as 'n benadering¹

Hierdie strategie gebruik konstruktivisme as 'n voorbeeld van 'n progressiewe leerteorie wat die konseptuele gereedskap sal voorsien vir onderwysers om met diverse leerkontekste te kan werk.

2.2 Benadering tot Geletterdheid

Die WKOD se strategie m.b.t. geletterdheid berus op die veronderstelling dat eksplisiete onderrig in klankleer binne 'n "geheeltaal"-benadering sal plaasvind, waarin die maak van betekenis beklemtoon word. Die konstruktivistiese benadering word gevolg waarbinne lees sowel as skryf as kritieke komponente van ontwikkeling beskou word.

2.3 Benadering tot Syferkundigheid

In die onderrig en by die aanleer van syferkundigheid is die konstruksie van kennis op 'n manier wat vir die leerders betekenisvol is, van besondere belang. Die konstruksie van kennis in syferkundigheid is egter beide 'n empiriese aktiwiteit en 'n abstrakte besinning. Die WKOD erken dat beide begrip en oefening noodsaaklik is om 'n grondige begrip van numeriese en wiskundige konsepte te ontwikkel. Onderrig in syferkundigheid beteken dus onderrig d.m.v. syferaktiwiteite. Begripsvaardigheid en -bedrewenheid is 'n kritieke aspek van die verwerwing van syferkundigheid. Met betrekking tot wiskundige begrip is daar dus ook 'n plek vir indril en oefen. 'n Herhalingsbenadering tot die onderrig van konseptuele begrip en die inoefen van vaardighede sal leerders in staat stel om kennis van en vaardighede in syferkundigheid aktief te konstrueer.

3. DIE DOMEINE VIR INTERVENSIE

Dit was nodig om kennis te neem van die vereistes en van wat ons onderwysstelsel tans lewer om die sleuteldoelwitte van die strategie te kon formuleer. 'n Duidelike stel response om werk te maak van die behoefte om die prestasievlakke van ons leerders in geletterdheid en syferkundigheid te verbeter, sluit die volgende intervensies in:

- 3.1 'n Voorskoolse program
- 3.2 Onderwyserontwikkeling
- 3.3 Veranderinge in klaskamerpraktyk
- 3.4 Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal
- 3.5 Navorsing
- 3.6 Monitering en ondersteuning
- 3.7 Koördinerings- en volhoubaarheid
- 3.8 Bevordering, gesins- en gemeenskapsgeletterdheid



¹ Naicker, S.M. & Moll I (2001) *How to Teach in an Outcome Based Education System*. Edumedia. Kaapstad

4. KRITIEKE IMPAKKENMERKE

Die strategie identifiseer drie kritieke aspekte wat die grootste impak sal hê:

Onderwyserontwikkeling en -ondersteuning

Die Taal-in-onderwys Transformasieplan

Die geheelskool-/geheelgemeenskap en gesinsgeletterdheidsbenadering

Onderwyserontwikkeling en -ondersteuning sal die intervensiearea met die hoogste prioriteit wees. Die Taal-in-onderwys Transformasieplan sal 'n "stelsels"-intervensie met 'n impak oor klaskamers heen wees. Die geheelskool-/geheelgemeenskap en gesinsgeletterdheidsbenadering sal die oorheersende holistiese modaliteit wees om fundamentele verandering teweeg te bring.

PROGRAMME	MEDE-AFHANKLIKE KENMERKE
Steun vir en ontwikkeling van onderwysers	Ondersteuning vir skoolgebaseerde onderrig en leer. Aandag aan die taal van onderrig en leer.
Veranderinge in die klaskamerpraktik	
Voorskoolse/VKO-strategie	Ondersteuning vir tuisgebaseerde of grondslagonderrig en leer. Gesinsgeletterdheid.
Bevordering, Gesins- en Gemeenskapsgeletterdheid	
Navorsing	Aandag aan kritieke suksesfaktore
Monitering en Ondersteuning	
Koördinerings- en Volhoubaarheid	
Leer- en Onderrigondersteuningsmateriaal	

4.1 Onderwyserontwikkeling en -ondersteuning

Die program vir onderwyserontwikkeling en -ondersteuning is daarop ingestel om die bekwaamheid van onderwysers te verbeter ten einde die suksesvolle onderrig van taal en wiskunde te verseker, sowel as die ontwikkeling van 'n hoë vlak van geletterdheids- en syferkundigheidsvaardighede. Die onderwyserontwikkeling wat aangebied word, sal bepaal word deur waargenome behoeftes, behoeftes wat deur navorsing geïdentifiseer is en behoeftes wat deur onderwysers self geïdentifiseer is.

Kort middagsessies is onvoldoende om fundamentele onderrigstrategieë en tradisionele patrone te verander, veral wanneer onderwysers ook nog ongemotiveerd is en sukkel om onder ongunstige omstandighede te werk.



Die onderwyserontwikkelingsmodel sal derhalwe op twee afsonderlike bene staan:

- Eerste been: die opleiding en ondersteuning sal volgens 'n noukeurige skedule voorsien word en op navorsing en monitering gebaseer wees en sal deur WKOD-beamptes aangebied word in samewerking en oorleg met eksterne vrywillige of befondsde alternatiewe of aanvullende voorsiensers soos bv. NRO's, indien van toepassing.
- Tweede been: Soos fondse en goedkeuring verkry word, sal die model vir sodanige onderwysers gebaseer wees op 'n gesteierde, fondse-gekoppelde en behoeftebasis wat volledige, gesertifiseerde opleiding deur middel van 'n ooreenkoms met die tersiêre instansies, sal insluit. Hierdie kursusse sal pasklaar GOS- of VOD-kursusse wees en op verskeie maniere aangebied word, bv. aangesig-tot-aangesig, afstand, deelyds of voltyds.

Die modules sal deur nisspesialiste aangebied word, bv. in die bestuur van multitalige klaskamers, of in onderrig in multigraadsituasies. In die geval van voormalige DOO-skole sal die onderwysers as 'n prioriteit in die bestuur van MTGTO opgelei word, sodat die gebruik van MT-vaardighede tot 'n vlak van MT-bekwaamheid opgegradeer kan word.

4.2 Die Taal-in-onderwys Transformasieplan en aandag aan taalondersteuning in die klaskamer

Die navorsingskonteks sowel as die nasionale konteks het tot 'n besluit in die Wes-Kaap gelei om 'n Taal-in-onderwys Transformasieplan in te voer wat met verloop van tyd geïmplementeer sal word.

Daar word in die vooruitsig gestel dat die provinsiale teikens sal voldoen aan enige nasionale beleid wat in daardie stadium mag geld, maar dat dit die volgende twee provinsiale uitbreidings moet insluit:

- 4.2.1 'n Leerder se moedertaal as die taal van onderrig en leer behoort, waar dit ook al prakties moontlik is, minstens tot aan die einde van graad 6 aktief in die klaskamer ondersteun te word. Dit verwys na die gebruik van die moedertaal as die taal van leer en onderrig (TLO) in klasgroepe van 40.
- 4.2.2 Benewens die studie van twee amptelike tale as vakke, behoort leerders in die Wes-Kaap 'n minimum van drie jaar onderrig in die derde taal van die provinsie te ontvang. Ten einde leerders in staat te stel om die meeste voordeel uit die toevoeging van 'n omgangstaal te verkry, sal hierdie kursus in 'n Derde Taal van die Wes-Kaap van graad 7 – 9 aangebied word.



4.3 Bevordering, Gesins- en Gemeenskapsgeletterdheid

Die WKOD moet waar nodig, die volgende mobiliseer en oplei: rolmodelle of ikone, vrywillige lesers, vrywilligeronderwysers, gemeenskapsontwikkelaars, plaaslike regerings, onderwysagente, klinieke (d.w.s. gesondheid, maatskaplike welsyn, kuns en kultuur, plaaslike regering) NRO's, OSW's, biblioteke en skole om saam met 'n ander tweelingskole, te vorm. Indien die navorsing op welslae dui en daar besluit word om onderwysassistent te voortaan te behou, behoort die kontrakte vir die onderwysassistent henu te word sodat daar van hulle verwag kan word om byvoorbeeld 30 gesinne te identifiseer en hulle te besoek om steun aan hulle te bied. Die moontlikheid om 'n groter aantal gemeenskapsontwikkelaars binne 'n EOWP-projek in diens te neem met spesiale opleiding in geletterdheid/syferkundigheid moet dringend ondersoek word. Die media is ook belangrik: die drukwerkmedia sowel as die radio. Wat in die vooruitsig gestel word, is 'n ontwikkelende model van 'n lerende gesin in 'n lerende straat en 'n lerende gemeenskap (dit sal deur ons "Gemeenskapskool"-inisiatief in 2006 ondersteun word). Die idee van 'n omkeer van leer in ons skole wat slegs deur 'n aktiewe betrokkenheid van die hele gemeenskap sal gebeur, lê onderliggend aan ons doelstellings (benewens die skoolgebaseerde intervensies).

5. DIE DOMEINE VIR INTERVENSIË EN ONDERSTEUNING: 'N KORT BESPREKING

5.1 Voorskool/VKO

Navorsing in baie lande het bevind dat leerders wat tot graad 1 toetree nie die nodige kennis, vaardighede en gesindhede het om doeltreffend aan formele skoolonderrig deel te neem nie. Hierdie situasie kan toegeskryf word aan faktore soos armoede, TV, gebrek aan bewegings- of motoriese ontwikkeling, gebrek aan geleentheid om te speel, swak taalgebruik deur rolmodelle, dwelm- en drankmisbruik deur swanger vrouens, ondervoeding, enkelouergesinne, ongeletterde ouers, gebrek aan ouerbetrokkenheid by die lewens van kinders, gebrek aan omgang met boeke voor toetreding tot die skool, ens.

Die gevolg van die bostaande is dat die meeste van ons leerders nie vir formele skoolonderrig gereed is wanneer hulle graad 1 aanpak nie. 'n Duidelike, omvattende strategie wat daartoe sal bydra dat ons leerders behoorlike voorskoolse onderwys ontvang, is dus dwingend noodsaaklik. In die kort tot medium termyn behoort die oorgrote meerderheid leerders wat tot graad 1 toetree die nodige kennis, vaardighede en gesindhede te hê om doeltreffend aan formele skoolonderrig deel te neem. Ten einde hierdie doelwit te bereik, sal die strategie ingestel wees op die ontwikkeling van 'n handleiding en 'n daarmee gepaardgaande ondersteuningsprogram om ouers op te lei om hul kinders vir formele onderwys voor te berei.



Die strategie om die bogenoemde doelwitte uit te brei, is reeds tussen die WKOD, die Departement van Gemeenskapontwikkeling en Maatskaplike Dienste en die Departement van Gesondheid ontwikkel en sal op die leerbehoefte van kinders tot die ouderdom van vier jaar gerig wees. Verder is daar reeds met 'n Nasionale Strategie begin om teen 2010 onderwys aan alle graad R-leerders te voorsien.

5.2 Veranderinge in die klaskamerpraktyk

Hierdie program sal op die verdere ontleding van die kurrikulumstandaarde vir elke graad fokus ten einde 'n definisie te vind vir die grondlynprestasielvlakke wat deur onderwysers vir lesbeplanning, klaskamerbestuur en die monitering van vordering gebruik kan word; ondersteuning en mentorskap of afrigting in terme van die besonderhede van lesbeplanning, met spesiale klem op die bestuur van onderrig in geletterdheid en syferkundigheid; gebruik van hulpbronne om onderrig en leer te verbeter, bestuur van diversiteit in die klaskamer; bestuur van assesseringspraktyke; en die ondersteuning van leerders met spesiale leerbehoefte.

Hierdie program aangaande klaskamerpraktyk sal toegespits wees op die wyse waarop onderrig en leer in die klaskamer plaasvind. Die uitkoms van hierdie program is om te verseker dat onderwysers al die ondersteuning sal ontvang wat nodig is om te verseker dat elke onderwyser in staat sal wees om die kritieke aspekte van klaskameronderrig te behartig.

'n Loodsprojek is in 2006 ingestel waarin onderwysassistente in diens geneem is om meer ondersteuning aan leerders te voorsien. Die rol van die Onderwysassistent is om die onderwyser by te staan om leerders te ondersteun om hul volle potensiaal te verwesenlik. Onder die leiding of aanwysings van die klasonderwyser voer onderwysassistente 'n verskeidenheid take uit, soos toesig hou oor klas- of groepsaktiwiteite en individuele werk met 'n leerder of 'n klein groepie leerders om leer te konsolideer of te versterk. Die onderwysassistente dien geensins as plaasvervangers vir onderwysers nie. Deurlopende indiensopleiding word aan onderwysassistente gegee om hulle toe te rus om hul funksies te vervul. Die projek sal geëvalueer word ten einde die welslae van elke aspek van die projek te bepaal en om aanbevelings aangaande die toekomstige gebruik van onderwysassistente te maak.



6. KRITIEKE SUKSESFAKTORE

6.1 Navorsing

Soos reeds genoem, dui navorsing daarop dat leerders se gebrek aan geletterdheids- en syfervaardighede 'n internasionale verskynsel is. Nietemin is Suid-Afrika, met betrekking tot wiskunde- en wetenskapuitslae op die sekondêre vlak, onder die swakste presteerders in ontwikkelende lande en selfs in Afrika suid van die Sahara. Grondige navorsing is dus nodig om vas te stel waarom ons leerders nie na wense presteer nie en om aanbevelings te doen oor hoe hierdie situasie reggestel kan word.

Verder is dit nodig om juis hierdie strategie as "aksienavorsing" te bestuur, gegrond op formele navorsing. Dit is 'n strategiese en geteikende intervensie. Dit is nodig om resultate op te volg en om suksesse te verbreed en deel van die implementering te maak.

6.2 Monitering en Ondersteuning

Daar word internasionaal aanvaar dat monitering en ondersteuning van enige strategie noodsaaklike elemente is om doeltreffende dienslewering te verseker. Relevante en behoorlike ondersteuning kan nie plaasvind indien daar nie monitering van vordering en prestasie gedoen word nie. Monitering, gehalteversekering en intervensie word benodig en sal onder meer die vestiging van moniterings- en ondersteuningskomitees op die skool- distrik- en provinsiale vlak insluit. Die ontwikkeling van verslagvorms, die insameling daarvan en terugvoer aan skole vorm 'n belangrike deel van die proses. Dit sluit ondersteuning aan skole in om hulle in staat te stel om uitslae te interpreteer en strategieë te ontwikkel om 'n diverse verskeidenheid kwessies wat hulle konfronteer, die hoof te bied.

'n Behoorlike ondersteunings- en moniteringstelsel benodig die volgende:

- 'n Ondersteunings- en moniteringsbeleid
- Doeltreffende ondersteuningsprogramme
- Doeltreffende ondersteunings- en moniteringspersoneel
- Doeltreffende moniteringsinstrumente
- Verantwoordelikheid en aanspreeklikheid by alle rolspelers
- Betrokkenheid van al die rolspelers.



6.3 Koördinerings- en volhoubaarheid

Daar sal verskeie vlakke wees om dit te verseker en te bestuur:

- Provinsiale Koördineringsstaakspan
- Provinsiale Werkgroep
- OBOS Geletterdheids- en Gesyferdheidskomitee (Direkteur, HKA, Hoof: GLOO)
- OBOS Kringbestuurders
- Skoolvlak (Prinsipaal, Kurrikulumkoördineerder, Departementshoof, GF, IF, SF)

6.4 Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)

Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal moet in samehang met die onderwyser se strategie en metodologie vir onderrig in geletterdheid en syferkundigheid geselekteer word om die onderwyser se werk in die klaskamer te ondersteun. LOOM behoort op 'n geskikte vlak vir elke leerder te wees en op die besondere leerstyl en behoeftes van die leerder toegespits te word. Die WKOD sal sover doenlik bv. tydskrifdonasies, private donasies, ens. vir die doel mobiliseer. Daar word in die vooruitsig gestel om 'n "leeslaboratorium"-projek te kontrakteer wat gegradeerde stukkie wat op leeskaarte voorsien word vir leerders om te lees, tesame met vrae om vaardighede te ontwikkel, sal aansluit. Hierdie kaarte sal nie boeke vervang nie, maar sal 'n goedkoop aanvulling vir boeke vorm en sal deel uitmaak van 'n veldtog om voorrade leesmateriaal in Xhosa op te bou.

7. INTERVENSIEPRIORITEITE

Alhoewel die oogmerk van hierdie strategie alle leerders en alle onderwysers in alle skole insluit, word dit aanvaar dat al die doelwitte van die strategie nie in die kort termyn verwesenlik kan word nie. Die span verantwoordelik vir die implementering van die strategie sal dus aanvanklik intensief op die Grondslagfase en primêre skole fokus wat in die WKOD en die nasionale sistemiese evalueringproses op die "baie swak" en "swak" vlakke presteer het. Slegs wanneer daar aanduidings van beduidende verbetering in hierdie kategorie is, sal die proses na ander skole uitgebrei word – en wel op 'n gyskaal van behoeftes.



INHOUDSOPGAWE

1.	SISTEMIESE EN MAATSKAPLIKE KONTEKS	1
2.	TEORETIESE ONDERBOU	4
2.1	Epistemologie	4
2.2	Konstruktivisme as 'n Leerteorie	5
2.3	Leer- en ontwikkelingshindernisse	16
2.4	Leer om te lees, skryf en reken	17
2.5	Taal van leer en onderrig	19
3.	GROEITEIKENS	21
3.1	Kweek 'n poel onderwysers	21
3.2	Kweek 'n poel beampptes	21
3.3	Kweek 'n poel ouers	21
3.4	Kweek 'n poel leerders	22
4.	OPERASIONELE FOKUSPUNTE	22
5.	DIE PRIORITISERING VAN STEUN VIR SKOLE	23
6.	DIE STRATEGIE SELF	24
6.1	Ondersteuning vir skoolgebaseerde onderrig en leer	24
6.1.1	Steun vir en ontwikkeling van onderwysers	25
6.1.2	Veranderinge in die klaskamerpraktik	29
6.2	Ondersteuning vir tuisgebaseerde/grondslagonderrig en leer	31
6.2.1	Voorskoolse/VKO-strategie	31
6.2.2	Bevordering, Gesins- en Gemeenskapsgeletterdheid	32
7.	AANDAG AAN KRITIESE SUKSESAKTORE	33
7.1	Navorsing	33
7.1.1	Navorsingsgebiede	33
7.2	Monitering en Ondersteuning	34
7.2.1	Algemene aksies	35
7.2.2	Aksies wat aan Syferkundigheid en Geletterdheid verwant is	35
7.3	Koördinerings- en volhoubaarheid	36
7.3.1	Provinsiale Koördineringsstaakspan	36
7.3.2	Provinsiale Werkgroep	36
7.3.3	Geletterdheids- en syferkundigheidskomitee van die OBOS	36
7.3.4	OBOS-kringbestuurders	37
7.3.5	Skoolvlak	37
7.3.6	Geletterdheids- en syferkundigheidsbeleid op skoolvlak	37
7.4	Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)	39
7.4.1	Geletterdheid en LOOM	39
7.4.2	Syferkundigheid/Wiskunde en LOOM	39
8.	OOGMERKE	41
9.	ALGEMENE OPMERKINGS	42
10.	BYLAE A	44
11.	BYLAE B	46
12.	BYLAE C	49
13.	LYS VAN AKRONIEME	51



WKOD GELETTERDHEID-EN-SYFERKUNDIGHEIDSTRATEGIE: 2006 – 2016

1. SISTEMIESE EN MAATSKAPLIKE KONTEKS

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het die Menslikekapitaal-ontwikkelingstrategie na oorleg met verskeie belanghebbendes ontwikkel. Die vernaamste dryfveer van die strategie is om te verseker dat ons oor die nodige kennis, vaardighede en waardes beskik om in 'n snel globaliserende omgewing te kompeteer. As die toonaangewende strategie van die WKOD is die Menslikekapitaal-ontwikkelingstrategie een van die agt strategieë wat tot die verwesenliking van die doelstellings en doelwitte van iKapa Elihlumayo bydra. Die iKapa-klem lê daarop om die Kaap te laat groei en is spesifiek op die verligting van armoede gemik.

Sistemiese navorsing wat deur onder meer GTZ en die Nasionale Departement van Onderwys onderneem is, sowel as ander aanwysers waaronder die assesserings van die leerderbekwaamhede in geletterdheid en syferkundigheid vir graad 3 in die Wes-Kaap, wys daarop dat leerders se geletterdheid- en syfervaardighede veel laer is as wat nodig is om hulle doeltreffend te laat leer en ontwikkel.

In 2002/3 het die WKOD afsonderlike Geletterdheid- en Syferkundigheidstrategieë ontwikkel, van stapel gestuur en geïmplementeer. Latere sistemiese evaluering en ander toetsuitslae het egter aangetoon dat die uitslae steeds ver van bevredigend is. Daar is dus besluit dat die strategieë versterk en as 'n gekoördineerde "Geletterdheid-en-syferkundigheidstrategie" weer eens binne die raamwerk van die Menslikekapitaal-ontwikkelingstrategie voorgelê moet word.

Daar is 'n aantal faktore wat steeds die werkverrigting en prestasies van leerders beïnvloed. Dit sluit verskille in die vlakke van maatskaplike kapitaal, intellektuele kapitaal, befondsing, geriewe, fooistrukture van skole, alle kategorieë van hulpbronne, leerder-onderwyserverhoudings, kwalifikasies en bekwaamhede van onderwysers, onderrigruimtes, sportvelde, leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM), toegang tot biblioteke, rekenaars, ens. Die kind wat uit 'n armoedige, taalbeperkte en leesstoflose huis kom, het 'n kolossale agterstand vergeleke met 'n kind uit 'n woordeskatryke huis wat ryk aan leesstof is en waarin die kind behoorlik gevoed en aan 'n algemeen stimulerende omgewing blootgestel is en wie se natuurlike leerprosesse goed deur ingeligte ouers ondersteun word.

Die Nasionale Departement van Onderwys voer al om die ander jaar Sistemiese Evaluering op die graad 3- en 6-vlakke oor die hele Suid-Afrika uit. Die bedoeling met hierdie evaluering is om te bepaal in hoe 'n mate die onderwysstelsel daarin geslaag het om maatskaplike, ekonomiese en transformasiedoelwitte te bereik, deur die prestasie van leerders te meet, met inagneming van die konteks waarbinne hulle leer- en onderrigplanne belewe. Die uitkomst van hierdie assesserings word gebruik om



intervensies te identifiseer.

Die Nasionale Sistemiese Evalueringsverslag vir graad 3 (2002) het besorgdheid uitgespreek oor die geletterdheid- en syfervaardighede van leerders en die getal hindernisse wat benadeelde leerders verhoed om onderwysdienste te bekom. Oor die algemeen was dit nodig om die swak prestasie t.o.v. gelykheidsdoelstellings te verbeter. Die algehele gehalte van onderwys in verhouding tot die gehalte van onderrig, oorvol klaskamers, ondoeltreffende gebruik van kontaktyd in die klaskamer en onveilige toestande by skole bly 'n groot bron van kommer.

Studies wat in die afgelope vier jaar in die Wes-Kaap uitgevoer is, het aangetoon dat leerderprestasie in geletterdheid en syferkundigheid laer is as wat in graad 1 – 6 verwag word. Die stelling is waar veral as 'n vergelyking met ander lande (met inbegrip van ander ontwikkelende lande) sowel as 'n vergelyking met die uitkomsverwagtinge van die Suid-Afrikaanse kurrikulum getref word. Die WKOD het byvoorbeeld in 2002 die lees- en syferkundigheidsuitslae van 'n verteenwoordigende steekproef van graad 3-leerders in alle skole geassesseer. In hierdie studie is bevind dat slegs 36% van die leerders die lees- en syferkundigheidsuitkomst behaal wat van 'n graad 3-leerder verwag word. Daar is bevind dat die oorgrote meerderheid van leerders in graad 3 twee tot drie jaar benede die verwagting presteer het.

Die diagnostiese toetsprogram wat in 2002 tot 2005 deur die WKOD uitgevoer is, het getoon dat die prestasie van die leerders onder meer hoog met armoede korreleer. Om hierdie behoefte die hoof te bied, sal die provinsie 'n holistiese benadering volg om die ontwikkeling van arm leerders te ondersteun. Hierdie holistiese benadering sluit ook die Primêreskool-voedingsprogram (PSVP) in. *(Gedurende 2004 is die administrasie van die PSVP, wat deel van die Voorwaardelike Toekenning vir die Nasionale Skoolvoedingsprogram vorm, vanaf die Departement van Gesondheid na die WKOD oorgeplaas.)*

'n Verslag² wat 'n effense aanpassing is van opsommende opmerkings deur Minister Naledi Pandor oor die uitslae van die nasionale sistemiese evaluering vir graad 6 (wat in die "Cape Times" van 14 Desember 2006 gepubliseer is), lui soos volg:



² Sien volledige verslag in Bylae A

"Alhoewel skole nou deel van 'n nie-rassistiese stelsel met nuwe kurrikulums en leermateriale vorm, het die evaluering onthul dat vyf uit tien skoolkinders nie die verwagte leeruitkomste in natuurwetenskap behaal nie, ses uit tien nie in die taal van onderrig presteer nie en agt uit tien nie in wiskunde presteer nie ("presteer" beteken om 50% of meer in 'n graad 6-assesseringstaak te behaal).

Die peiling gee ons 'n oorsig van die stand van skoolonderrig in die oorgangsfase (graad 5-6) in Suid-Afrika. Alhoewel dit nie ontwerp is om aan te dui hoe spesifieke faktore veroorsaak dat kinders leer nie, bied die peiling wel 'n aanduiding van die vernaamste leerhindernisse. Die volgende sluit 'n aantal van die sleutelbevindinge in:

- Leerders het die beste in stedelike skole presteer en (in dalende orde) minder goed in townshipskole, plaasskole, landelike en afgeleë landelike skole.
- Dit blyk dat leerders se huislike omstandighede hul prestasie in al drie die leerareas sterk beïnvloed het.
- 'Leerderdeelname' was die inskoolfaktor wat die sterkste met beter prestasie in taal, wiskunde en wetenskap verbind is.
- In al drie die leerareas het graad 6-kindere beter presteer wanneer hulle in hul huistaal geleer het, terwyl kindere wat in 'n ander taal as hul huistaal geleer het, geneig was om minder goed te vaar.

Oor die algemeen skep meer hulpbronryke omgewings die omstandighede wat nodig is vir kindere om op skool te presteer. Die volgende aanbevelings word gemaak aangaande die daarstel van die nodige omstandighede vir verbetering:

- Bewerkstellig verbetering oor die hele stelsel heen
- Verbeter toegang tot skole
- Bevorder spesifieke gehaltekweessies en
- Daar moet voortgegaan word met die fokus op gelykheid."

Die oogmerk met hierdie strategie is om alle ontwikkeling in lyn te bring sodat geïdentifiseerde goeie praktyke aangewend word om geïdentifiseerde swakhede teen te werk. 'n Groot aantal NRO's werk tans binne die stelsel as vennote in die onderwys. Dit is noodsaaklik om hul aktiwiteite en strategieë met dié van die WKOD te koördineer en om 'n gesamentlike proses vir die uitbou van beste praktyk te ontwikkel om alle skole te dek.



2. TEORETIESE ONDERBOU

2.1 Epistemologie

Epistemologie is 'n vertakking van die wysbegeerte wat kennis bestudeer. Die eerste teorieë aangaande kennis het die absolute, blywende aard daarvan beklemtoon, terwyl latere teorieë die klem gelê het op die relatiewiteit of situasieafhanklikheid daarvan, die voortdurende ontwikkeling of evolusie en die aktiewe interaksie met die wêreld en sy onderwerpe en voorwerpe. Die tendens is om vanaf 'n statiese, passiewe siening van kennis na 'n meer aanpasbare en aktiewe siening te beweeg. Opvoedkundiges op alle vlakke moet begrip aangaande epistemologie of kennisteorieë verkry om meer aanpasbaar en aktief te wees.

Daarom is dit uiters belangrik dat mense wat ander wil oplei of oriënteer, grondige begrip van epistemologiese kwessies moet hê en hoe hulle op denke, praktyke en transformasie in die algemeen impakteer.

In die postapartheidsera het onderwysdepartemente nie onderwysers "opgelei" nie, maar hulle t.o.v. die beleidsdoelstellings en doelwitte van die Nasionale Kurrikulumverklaring "georiënteer". Daar was 'n gebrek aan klem op kwessies wat met epistemologie verband hou wat die konseptuele gereedskap voorsien waardeur onderwysers in staat gestel word om die nuwe onderwyspedagogiek te betree. Dit het die groei van kennis in verband met konseptuele ontwikkeling, vernuwing, kreatiewe denke en verbeelding belemmer.

Die Menslikekapitaal-ontwikkelingstrategie beklemtoon die feit dat onderwysers ons vernaamste bate is en terwyl onderwysers veel meer verantwoordelikheid vir hul eie ontwikkeling moet aanvaar, moet ons die huidige program vir onderwyserontwikkeling hersien.

Daarom sal die opleiding wat ons binne die strategie vir geletterdheid en syferkundigheid in die vooruitsig stel, medium- tot langtermyn van aard wees. Die opleiding moet rekening hou met kennisteorieë wat onderwysers van die kritiese gereedskap sal voorsien om in uitdagende en moeilike omgewings te werk en die kommerwekkende swak geletterdheid- en syferkundigheidsvlakke die hoof te bied. Daarom is toereikende onderwysersopleiding die hoofokus van hierdie strategie. Terwyl die behoefte aan oriëntering t.o.v. bepaalde kwessies meer vir die kort termyn geld, sal daar in die langer termyn sterk op onderwysersopleiding gekonsentreer word.

Om te help om die konseptuele grondslag vir die proses wat voorlê te voorsien, wy hierdie dokument 'n sekere hoeveelheid aandag aan konstruktivisme as 'n beduidende leerteorie.



2.2 Konstruktivisme as 'n Leerteorie

As leerteorie bied die konstruktivistiese teorie beduidende onderbou vir Uitkomsgebaseerde Onderwys. Daar is verskeie ander voorbeelde van progressiewe teorieë. Hierdie strategie sal konstruktivisme gebruik as 'n voorbeeld wat die konseptuele gereedskap sou kon voorsien om met diverse leeromgewings en die kompleksiteit van onderrig en leer te kan werk.

Die gedagte dat **konstruktivistiese** leerteorieë aan ons 'n meer dinamiese alternatief vir tradisionele opvattinge aangaande onderrig en leer bied, is nie nuut nie. In baie skole in die Wes-Kaap is daar nou al vir geruime tyd 'n beweging in wiskundeonderrig wat uit konstruktivistiese denke afkomstig is. Daar is ook sterk inisiatiewe in taalonderrig en vroeë primêre onderwys wat van **sosiale konstruktivistiese** idees aangaande leer gebruik gemaak het.

In die volgende afdeling word daar hoofsaaklik op die volgende vrae gefokus: "Wat beteken konstruktivisme vir ons?" en "Waarom het ons so 'n teorie nodig om ons in ons klaskamers te ondersteun?".

Wat is Konstruktivisme?

Gedurende die 1970's het daar wêreldwyd 'n beduidende transformasie in hoofstroomidees aangaande onderrig en leer posgevat. In wese was dit 'n wegbeweeg van die opvatting dat kennis **aan die passiewe leerder oorgedra word**, na die idee dat **aktiewe leerders kennis skep** terwyl hulle dit teëkom en daarby betrokke raak. Een van die vroeëste stemme in die debat wat hierdie verskuiwing teweeggebring het, was dié van Jean Piaget wat dit in 1948 in sy hoedanigheid as hoof van die Internasionale Buro vir Onderwys soos volg beskrywe het:

*"Die basiese beginsel van aktiewe onderwysmetodes ... kan soos volg uitgedruk word: om te verstaan is om te ontdek, of om deur ontdekking te reconstrueer en daar moet aan hierdie voorwaardes voldoen word indien toekomstige individue gevorm moet word wat tot produksie en kreatiwiteit in staat is, eerder as slegs tot eenvoudige herhaling."*³



³ Jean Piaget, *To Understand is to Invent*. New York: Grossman, 1978, p. 20


Die betrokke teoretiese verskuiwing het in die sielkunde bekend geraak as die "konstruktivistiese revolusie". Ontwikkende kinders of leerders is dus nie meer as passiewe ontvangers van kennis beskou nie, maar eerder as aktiewe bouers van hul eie kennis in wisselwerking met die wêreld en die samelewing om hulle heen. As 'n leerteorie het konstruktivisme twee belangrike dimensies beklemtoon:

- Leerders verwerf bestaande menslike kennis (taal, kultuurwysheid, tegniese vaardighede, skoldisiplines, ens.) aktief as hul eie weetstelsels.
- Leerders konstrueer hul eie nuwe maniere van verstaan wanneer hulle voor onbekende probleme te staan kom.

Die leerder konstrueer en herkonstrueer dus kennis.⁴

Die "leerdersgesentreerde" beweging in die onderwys het die klem wat geplaas is op die manier waarop die leerder sy of haar eie kennis konstrueer. Die ou, passiewe opvatting van leer wat in die verlede deur behavioristiese en aangeborenheidsteorieë gehuldig was, is vervang deur vrae oor hoe leerders kennis aktief konstrueer in verhouding met sowel omgewing en interne gebeure. Binne die konteks van die skool het **konstruktivistiese** teorieë die klem gaandeweg op die optrede van beide leerders en onderwysers geplaas waar hulle besig is om kennis te konstrueer en te herkonstrueer.

Konstruktivisme daag onderwysers uit om oor kennis en meer spesifiek oor die vaslegging van kennis, as die wesenlike aktiwiteit van 'n klaskamer te besin. Dit lê voor die hand dat kennis, soos dit in die mens se geskiedenis ontwikkel het, gekonstrueer word in die sin dat die mens by verstaan, verduideliking en werk in die werklike wêreld betrokke was. Uit die leerder se oogpunt (en veral dié van die kind as leerder) staan die verwerwing van kennis gelyk aan 'n proses waar menslike kennis daadwerklik as sy of haar eie kennis ontdek en herontdek word. Indien daar 'n kernbetekenis is wat die term "konstruktivisme" wil oordra, dan is dit die siening dat die aktiewe leerder menslike kennis as sy of haar eie kennis konstrueer. Die implikasie vir die onderwys lê voor die hand: kennis kan nie van die onderwyser na die leerder oorgedra word nie; dit word deur die leerder gekonstrueer tydens die leerkultuur op skool.



⁴ Sien G Winkler. *et al.*, *Learning about Learning for Teaching*. Study of Education Series. SAIDE/Oxford University Press (ter perse) vir 'n meer uitgebreide bespreking van hierdie idees.

Wat is die implikasies van Konstruktivisme in die algemeen vir die klaskamer?

Dit is bekend dat daar binne konstruktivistiese denke verskillende aspekte beklemtoon word. So word daar byvoorbeeld in besprekings van leer in die klaskamer dikwels na die sleutelteoretici, Jean Piaget en Lev Vygotsky verwys. Daar word groot gewag gemaak van die spannings tussen hulle. Alvorens ons egter in meer besonderhede na hierdie verskillende strominge gaan kyk, kan daar besin word oor wat 'n konstruktivistiese klaskamer mag wees.⁵

Die konstruktiviste is begaan oor die prosesse en ontwikkeling van die denke (of *kognisie*, om die term te gebruik wat deur sielkundiges verkies word). Om te leer is om op toenemend komplekse maniere oor die lewe, kultuur en werk te besin en om derhalwe in staat te wees om met groter bekwaamheid op te tree. Vir die konstruktiviste is skoolonderwys 'n besonder belangrike leeromgewing vanweë die stelselmatige leer wat dit moontlik maak. In konstruktivistiese leeromgewings geld die volgende algemene beginsels:

Kennis ontwikkel. Kennis is nie 'n gevestigde korpus van feite en onbuigsame beginsels nie. Dit is 'n geheel bestaande uit inligting, idees en praktyke wat met die verloop van tyd ontwikkel. Dit is gedurig vatbaar vir debat. Die kennis waaroor leerder beskik, ontwikkel ook langs soortgelyke weë, alhoewel dit noodwendig by die "groter beeld" van menslike kennis inskakel. Konstruktivistiese leeromgewings poog dus om veelvuldige voorstellings van die werklikheid te voorsien. Dit verhoed oorvereenvoudiging en verteenwoordig die kompleksiteit van die werklike wêreld en van die dissiplines waardeur leerders daarmee vertrou raak.

Leer is die bou van kennis. Die belangrikste kenmerke is daardie aktiwiteite wat met die aktiwiteite binne die klaskamer geassosieer word, naamlik:

- Beredenering en kritiese denke
- Probleemoplossing
- Ontsluiting, verstaan en gebruik van inligting
- Die verband tussen leer en bestaande kennis, oortuigings en houdings van die individu
- Sorgsame besinning oor ervaring

⁵ Daar is 'n spesifieke literatuur oor "die konstruktivistiese klaskamer" wat die afgelope paar jaar ontstaan het. Sien bv. G Brooks en MG Brooks *The Case for Constructivist Classrooms*. Alexandria: Association for Supervision and Curriculum Development, 1993; en BA Marlowe & ML Page, *Creating and Sustaining the Constructivist Classroom*. New Delhi: Sage Publications, 1998.



Leerders is persone wat aktief by die bou van kennis betrokke is, beide individueel en gesamentlik. Die belangrikste hoedanighede van leerders is dus dié wat alle leerders deel en nie of die leerder "slim" of "dom", "bekwaam" of "onbekwaam", "begaafd" of "gestremd", ens. is nie. Leerders het 'n kognitiewe ingesteldheid om te selekteer en te transformeer, om hipoteses te vorm en keuses te maak. Leerders is van nature nuuskierig en doelgerig. Dit volg dat 'n persoon wat nie in staat gestel word om aktief by leer betrokke te raak nie, nie 'n leerder kan wees nie.


Onderwysers moedig die vaslê van kennis aan, eerder as die reproduksie van kennis. Hulle beklemtoon outentieke take binne 'n betekenisvolle konteks. Dit bring die voorstelling van situasies uit die werklike wêreld mee, sowel as werklike probleme en debatte wat in vakondersoek teëgekomp word – konstruktivistiese leeromgewings "werk die bou van konteks- en inhoudafhanklike kennis in die hand". Dit behels ook die fasilitering van gevalgebaseerde leer in die hand, eerder as voorafbepaalde opeenvolgings van onderrig sonder enige betrokkenheid by konteks.

Leer is 'n sosiale en derhalwe 'n taalgebaseerde aktiwiteit. Konstruktivistiese leeromgewings ondersteun die "samerwerkende bou van kennis deur sosiale bedinging en nie mededinging onder leerders vir erkenning nie". Leer en ontwikkeling is afhanklik van dialoog tussen leerder en opvoeder en tussen die leerders self. In die konstruktivistiese klaskamer word daar dus besondere aandag aan taal gegee. Dit word as die betekenisstelsel beskou wat die konseptuele raamwerke beliggaam waarbinne nuwe kennis groei en leer plaasvind.

Die aanvaarding van 'n konstruktivistiese benadering sal ons as onderwysers dus daartoe lei om op 'n besondere wyse oor leer en onderrig te dink. Daar is bepaald verskillende denkrigtings binne die konstruktivisme, maar terwyl u hieroor besin, hou in gedagte dat daar 'n hoë mate van eenstemmigheid is oor hoe leer behoort te geskied.

Wat is die verskillende denkrigtings binne die Konstruktivisme?

Daar is baie verskillende teoretiese tendense binne die konstruktivisme. Hulle deel almal dieselfde basiese veronderstelling aangaande leer, naamlik dat dit deur leerders gekonstrueer word terwyl hulle met beide individueel gemotiveerde en sosiaal gemotiveerde optrede besig is. Verskillende konstruktiviste verduidelik dit op verskillende wyses. Daar is twee oorwegende teoretiese tendense waarna ons vir die doeleindes van hierdie dokument as **individuele konstruktivisme** en **sosiale konstruktivisme** sal verwys. Onderwysers vind dit dikwels nuttig om die verskillende teoretiese beklemtonings in ag te neem ten einde sin aan hul klaskamerpraktyke te verleen.



INDIVIDUELE KONSTRUKTIVISME

Jean Piaget, 'n Switserse sielkundige, word as die argitek van die gedetailleerde studie van kognitiewe ontwikkeling beskou. Sy navorsing is veral bekend vir die nougesette waarneming van kinders en vir die besorgdheid oor hoe kinders kennis ontdek en herontdek. Op vele wyses het Piaget se teorieë die sentrale beginsels van die konstruktivistiese revolusie geword.

Piaget se hoofvraag was: Hoe kom 'n kind iets nuuts te wete? Sy antwoord was 'n uitdruklike verwerping van sowel die aangeboreheid- as die behavioristiese sienings van leer en 'n heel duidelike formulering van die belangrikheid van handeling in die leerproses. Hy het betoog dat kennis nie bloot deur die leerder bepaal word of deur die herkenning van voorwerpe nie, maar deur die wisselwerking of interaksie tussen hulle. Die leerder moet met voorwerpe omgaan en dit is hierdie omgang wat kennis van daardie voorwerpe teweegbring.

Dit is in hierdie sin dat Piaget leer as 'n natuurlike proses beskou wat intern gedrewe is en vandaar die opvatting van individuele konstruksie. Hy praat byvoorbeeld op een plek van leer as "die spontane navorsing van die kind of adolessent"⁶. Die kind is voortdurend betrokke by die soeke na 'n balans of ekwilibrium tussen vorige kennis en nuwe dinge wat in die wêreld teëgekomp word. Piaget het twee verstandelike prosesse geïdentifiseer wat ons in staat stel om hierdie balanseeraksie uit te voer: **assimilering** en **akkommodasie**⁷. Aan die een kant assimileer die weter voorwerpe tot die bestaande strukture van sy of haar aksies (interpreteer hulle of heg betekenis aan hulle in die lig van bestaande kennis). Aan die ander kant akkommodeer die leerder hierdie strukture (verander en ontwikkel hulle) by die onvoorsiene aspekte van die werklikheid wat hy/sy teëkom. En dit is belangrik dat hierdie handelinge van assimilering en akkommodasie gelyktydig plaasvind, in 'n algehele proses wat Piaget '*equilibration*' (hierna **ekwilibrasie**) genoem het. Dit is die handeling van 'n soeke na ewewig wat leer tot gevolg het. Nuwe kennis spruit voort uit die leerder se internalisering van sy/haar eie handelinge.



⁶ Jean Piaget, *To Understand is to Invent*. op cit. 15.

⁷ Sien Winkler, G et al. op cit., Afdeling 2, oor hierdie "balanseertoertjie" tussen die bekende en die onbekende.

Om sy teorieë uit te toets, het Piaget kinders bestudeer. Een ding wat hy baie goue besef het, is dat jong kinders se kognitiewe handeling t.o.v. die wêreld ingrypend van dié van volwassenes verskil. Die tipe **ekwilibrasie** wat ons by kinders teëkom, is minder kompleks en veel meer konkreet as by volwassenes. Een manier om dit te stel, is om te sê dat die kind nie eenvoudig 'n afgeskaalde weergawe van 'n volwassene is nie. Dit het Piaget daartoe gelei om die opvatting te huldig van spesifieke stadiums waarbinne kognitiewe strukture gaandeweg al hoe meer kompleks word:

- Die **sensories-motoriese** stadium (suigeling en kleuters) waartydens ewilibrasie in sensoriese ervaring en beweging gesetel is.
- Die **pre-operasionele** stadium (oor die algemeen jong kinders tot by die skoolpligtige leeftyd) waarbinne ewilibrasie gekenmerk word deur die gebruik van simbole soos prente en woorde om idees en voorwerpe voor te stel.
- Ekwilibrasie in die **konkreet-operasionele** stadium (oor die algemeen die primêre skooljare) word vir die eerste keer deur komplekse logiese prosesse gekenmerk, hoewel op 'n konkrete vlak. Daar word direkte voorwerpe benodig waarop die logika toegepas kan word.
- In formele **operasies** (oor die algemeen vanaf min of meer die laaste primêre skooljaar) word denke vir die eerste keer deur formele, abstrakte logika gekenmerk. Dit laat analitiese denke toe sonder dat direkte prosesse in konkrete situasies nodig is. Dit word in toenemende mate kompleks.

Dit is belangrik om in die gedagte te hou dat Piaget hierdie stadiums voorgestel het om te help om die grense of beperkinge van kinders se denke te verstaan terwyl hulle besig is om te groei en te ontwikkel. Die stadiums word veel te dikwels as statiese blokke voorgestel waarin kinders geklassifiseer kan word. Uit die onderwyser se oogpunt is dit die moeite werd om te besef dat ewilibrasie – die konstante, voortdurende ontwikkeling van kennis wat die gevolg is van leerders se wisselwerking met die wêreld – die kern van Piaget se teorie vorm.



Wat is die implikasies van Piaget se teorie vir die klaskamer?

Soos ons reeds gesien het, bepleit Piaget die gebruik van wat hy **aktiewe metodes** noem in die onderwys. Daar moet aan leerders werklike probleme gebied word wat in die geskiedenis van menslike kennis voorgekom het en hulle moet daarmee omgaan. Sodanige probleme kan in die vorm van eksperimente, nabootsings van die werklike lewe, of (van besondere belang in die formeel-operasionele stadium) werklike filosofiese of teoretiese dilemmas aangebied word. Die belangrike punt is dat leerders die geleentheid gegee moet word om self met die probleme te stoei. Hulle moet 'n geleentheid gegee word om hul eie navorsing te doen en om sodoende kennis vir hulself te rekonstrueer. Dit beteken dat onderwysers die nodige deskundigheid in die vakke moet hê waarin hulle onderrig gee. Hulle moet die geskiedenis van die dissipline begryp en hulle moet in staat wees om daardie geskiedenis in die klaskamer as 'n reeks leertake vir die leerders te repliseer.

Daar is 'n algemene wanopvatting van hierdie sienings t.o.v. die rol van die onderwyser. Soos Piaget dit self gestel het, is daar

"die vrees (en soms die hoop) dat die onderwyser geen rol in hierdie eksperimente te speel het nie en dat die sukses daarvan sal afhang dat die studente heeltemal vry gelaat sal word om te werk of te speel soos hulle wil. Dit lê voor die hand dat die onderwyser as organiseerder onontbeerlik bly ten einde die situasies te skep en die aanvanklike oogmerke te bepaal wat nuttige probleme aan die kind sal stel. Tweedens word hy benodig om teenvoorbeelde te voorsien wat besinning en die heroorweging van oorhaastige oplossings afdwing. Wat verlang word, is dat die onderwyser sal ophou om 'n lektor te wees, tevrede met die oordra van pasklaar oplossings; sy rol behoort eerder dié te wees van 'n mentor wat inisiatief en navorsing stimuleer".⁸

Dit is in hierdie sin dat Piaget soms beskryf word as iemand wat onderwysers as **fasiliteerders** van kennis sien, alhoewel hy hierdie term nooit self gebruik het nie. Dit is nie waar dat Piaget se teorie, soos die algemene wanopvatting dit wil hê, inhou dat onderwysers geen rol by leer te speel het nie. Op onderwysers rus die baie moeilike taak en verantwoordelikheid om aan leerders die materiaal, situasies en ervarings te bied wat hulle in staat stel om nuwe kennis te ontdek.



⁸ Jean Piaget, *To Understand is to Invent*. op cit. pp 15 – 16.

SOSIALE KONSTRUKTIVISME

Lev Vygotsky, 'n Russiese psigoloog, het 'n belangrike teorie oor die kulturele en sosiale konstruksie van die psige daargestel. Sy teorie is veral bekend vir die studie van die diversiteit van kognitiewe groei (met betrekking tot sowel individuele gestremdhede as verskillende sosio-kulturele kontekste) en vir die kernbetrokkenheid daarvan by die belangrikheid van skoolonderwys en geletterdheid vir kognitiewe ontwikkeling.

Vygotsky stel belang in hoe ons die "hoër prosesse van die psigiese lewe" verwerf – daardie maniere van weet en dink wat ons as menslik onderskei. Hy betoog dat leerders sodanige kennis verwerf terwyl hulle met sosiale verhoudings doenig is. Wanneer hulle vir die eerste keer by 'n onbekende taak betrek word, is die neiging om dit in verhouding met ander, meer kundige mense te doen wat self met soortgelyke take besig is. Leerders neem dus aan gesamentlike **aktiwiteit** deel waarin nuwe kennis vir hulle bemiddel word. Vir Vygotsky is kognitiewe ontwikkeling die aktiewe internalisering van 'n stel verhoudings wat oorspronklik in werklike kulturele aktiwiteit te vinde is; vandaar die term sosiale konstruktivisme. Die leerder konstrueer nie sy/haar eie verstandelike komplekse onafhanklik nie, maar vind hulle reeds gekonstrueer in die proses waardeur daar tot begrip van ander se spraak oorgegaan word.

Hoe help hierdie opvatting ons om die leerproses te verstaan? Volgens Vygotsky is daar twee vlakke van ontwikkeling wat gelyktydig in die ontwikkelende leerder bestaan:

- Eerstens is daar die werklike ontwikkelingsvlak, wat gemanifesteer word in wat die leerder op eie houtjie kan doen.
- Tweedens is daar die potensiële ontwikkelingsvlak, wat gemanifesteer word in die leerder se bekwaamhede met optimale hulp en leiding van 'n groter kundige.

Vygotsky het die gaping tussen hierdie twee ontwikkelingsvlakke die sone van proksimale **ontwikkeling** (SPO) genoem. Hierdie konsep vertel ons van die verstandelike moontlikhede en beperkinge van 'n leerder op enige tydstep. Maar die belangrikste is dat dit die deurslaggewende betekenis van die bemiddeling van die sosiale wêreld aan leerders deur ouers, onderwysers of meer bekwame eweknieë illustreer. Die mees sensitiewe aanwyser van die sukses van die leerder lê in die meerdere of mindere vermoë om oor te skakel vanaf dit wat hy/sy alleen kan doen, na dit wat hy/sy met hulp kan doen. 'n Meer ervare vennoot is in staat om 'n "onderbou" van die leermateriaal te voorsien waarmee die leerder se groeiende begrip ondersteun kan word.



Daar is 'n groot oorvleueling tussen individuele konstruktivisme en Vygotsky se teorie van sosiale konstruktivisme. Hulle beklemtoon albei die aktiewe rol van die leerder, maar vir Vygotsky word die strukture nie, soos vir Piaget, intern gegenereer nie.

*"Die **aktiewe** rol word deur die organisme gespeel, wat die middele vir kulturele gedrag wat deur die omgewing voorsien word, bemeester... [maar dit] is 'n voorwaarde eerder as 'n bewegingskrag van die proses van kulturele ontwikkeling, aangesien die struktuur van daardie proses deur invloede van buite gedefinieer word."*⁹

Vygotsky se teorie berus op die fundamentele veronderstelling dat leer op die sosiale vlak, binne die kulturele konteks plaasvind.

Wat is die implikasies van Vygotsky se teorie vir die klaskamer?

Vanuit 'n sosiaal-konstruktivistiese perspektief word onderrig beskou as die **bemiddeling** vir leerders van die kulturele wyse van denke. In algemene terme kan alle sosiale aktiwiteit wat betekenis oordra en wat daarna deur leerders geïnternaliseer word, as "onderrig" beskrywe word. Maar die mees doelbewuste onderrig is die wat in skole en ander formele leerkontekste plaasvind. Vanuit 'n Vygotskyaanse oogpunt organiseer 'n onderwyser die leerder se kennisraamwerke en poog hy/sy bewustelik om kulturele kennisstelsels en praktyke te bemiddel. Enige dissipline of inhoudveld van leer op skool is 'n beslissende voorbeeld van so 'n stelsel. Dit is 'n kulturele kennispraktyk met sy eie reëls, aannames en ondersoekwyses. Onderwysers het kundigheid t.o.v. sulke praktyke en hulle moet poog om daardie kundigheid vir leerders in gesamentlike aktiwiteite te bemiddel.

Sosiaal-konstruktivistiese onderwysers beskou hulself as aktiewe deelnemers wat saam met leerders hul leer konstrueer. Hulle ontwerp en bewerkstellig 'n toepaslike konteks waarin leerders by interessante aktiwiteite betrokke sal raak, wat leer sal bevorder en fasiliteer. In wese is dit 'n klaskamerkonteks van probleme en dilemmas m.b.t. kennis, presies soos dit hierbo in verband met Piaget se siening van onderrig beskrywe is. In hierdie siening behoort die onderwyser egter nie rond te staan en slegs die navorsing te fasiliteer waarmee die leerders besig is nie. Hulle neem eerder aktief saam met die leerders daaraan deel en reageer op hul dilemmas en vrae in die konteks van gesamentlike aktiwiteit. Die onderwyser kan leerders lei terwyl hulle probleme benader, kan hulle aanspoor om in groepe te werk om oor die kwessies en vrae na te dink en ondersteun hulle gewoonlik met aanmoediging en kritiek wanneer hulle werklike kwessies en projekte aanpak. Geleenthede om met meer ervare eweknieë te werk, is veral belangrik om die leerder te help om 'n hoër vlak van kognitiewe funksionering te ontwikkel.

⁹ Lev Vygotsky, "The problem of the cultural development of the child." *Journal of Genetic Psychology*. 6. (1929). p. 423.)



Die gehalte van klaskamertaal is ook van besondere belang vir 'n Vygotskyaanse onderwyser. Alle konstruktiviste stem saam dat logiese gedagtes d.m.v. taal uitgedruk word en dat taalpraktyke dus 'n belangrike deel van klaskameraktiwiteit vorm. Maar Vygotsky gaan verder: die taal wat 'n leerder teëkom is die bron van meer komplekse sosiale strukture en maniere van weet en dit verander in nuwe vorms vir die organiseer van psigologiese prosesse in die ontwikkelende individu. Sosiale konstruktiviste is dus geneig om aktiewe taalpraktyke – kritiese dialoog, besprekings en geletterdheid – as die deurslaggewende formatiewe aktiwiteite van 'n skoolleer konteks te beskou. Leerders moet aangespoor word om vrae te vra, om te redeneer en om hul sê te sê oor alle kwessies wat hulle besig is om te bestudeer.

Wat is die beginsels van die Konstruktivisme?

Konstruktivisme verteenwoordig 'n ryk en vrugbare perspektief op leer. In die voorafgaande afdelings is 'n aantal sleutelbegrippe uitgestip en 'n aanduiding gegee van hoe dit op 'n nuwe perspektief in Suid-Afrikaanse skole mag neerkom. Die doel met hierdie dokument is egter om 'n debat onder onderwysers aan die gang te sit oor hoe hulle hul klaskamerpraktyke kan verander of verbeter. Sommige van die beginsels van konstruktivisme kan baie aanvegbaar wees en die volgende stellings word in die midde gelê om hopelik lewendige klaskamerdebate te bevorder.

- Leer is 'n aktiewe proses waarin die leerder sensoriese insette interpreteer en gebruik en betekenis daaruit konstrueer. In die meer gewone formulering van hierdie idee word die **aktiewe leerder** beklemtoon. Leer is nie die aanvaarding van kennis wat "daar buite" bestaan nie, maar dit hou in dat leerders hulle met die wêreld besig hou.
- Mense leer hoe om te leer terwyl hulle leer: leer bestaan daaruit om sowel betekenis as betekenisstelsels te konstrueer. Indien ons byvoorbeeld die chronologie van datums van 'n reeks geskiedkundige gebeurtenisse leer, is ons ook terselfdertyd besig om die betekenis van 'n chronologie te leer. Elke betekenis wat ons konstrueer, stel ons beter daartoe in staat om betekenis te gee aan ander gewaarwordings wat by 'n soortgelyke patroon inpas.
- By die konstrueer van betekenis is die deurslaggewende handeling verstandelik van aard: dit gebeur in die gees. Fisiese handeling en praktiese ervaring mag vir leer nodig wees, veral vir kinders, maar dit is nie voldoende nie. Ons het aktiwiteite nodig wat die verstand sowel as die hande betrek.
- Ons leer deur foute te maak. Begrip gaan nie optrede in die wêreld vooraf nie, maar spruit uit sodanige optrede voort. Ons kan leer deurdat ons dinge regkry en dan daarvoor besin. Maar eintlik leer ons meermale uit die foute wat ons maak. Leerders behoort nie van die maak van foute afgeskrik te word nie.





- Leer sluit taal in. Die gehalte en toeganklikheid van die taal wat ons gebruik, beïnvloed leer. Op die empiriese vlak het navorsers opgemerk dat mense met hulself praat terwyl hulle leer. Daar word ook toenemend besef dat taal en leer onlosmaaklik verstrengel is en dat optimale leer van kritiese taakpraktyke afhanklik is.
- Leer is 'n sosiale aktiwiteit. Ons leer vorm deel van ons verbondenheid met ander mense, ons onderwysers, ons eweknieë, ons familie, sowel as terloopse kennis. Indien ons hierdie beginsel aanvaar eerder as om dit te probeer vermy, sal ons waarskynlik meer welslae hê in ons pogings om op te voed. Soos Dewey aangetoon het, is heelwat van die tradisionele onderwys daarop ingestel om die leerder van alle sosiale interaksie af te sonder en om onderwys te beskou as 'n een-tot-een verhouding tussen die leerder en die objektiewe materiaal wat geleer moet word. Daarenteen erken progressiewe opvoeding (om met Dewey se formulering voort te gaan) die sosiale aspek van leer en gebruik dit die gesprek, interaksie met ander en die toepassing van kennis as 'n integrale aspek van leer.¹⁰
- Leer is kontekstueel: ons leer nie geïsoleerde feite en teorieë onafhanklik van die praktyke waarbinne hulle ontstaan nie. Hierdie praktyke mag werkprosesse, eksperimente, argumente oor teorieë of beginsels en dergelike dinge wees. Ons leer nie oor daardie praktyke sonder om hy hulle betrokke te wees nie.
- Ons leer in 'n verwantskap met ander dinge wat ons weet, wat ons glo, ons vooroordele en ons vrese. By nadere ondersoek word dit duidelik dat hierdie punt eintlik 'n uitloei is van die idee dat leer 'n aktiewe en sosiale proses is. Ons kan ons leer nie van ons lewens en van die lewe van ons gemeenskap afskei nie.
- 'n Mens het kennis nodig om te leer. Dit is nie moontlik om nuwe kennis te assimileer sonder dat 'n mens 'n sekere struktuur het, wat uit vorige kennis ontwikkel is, om op voort te bou nie. Hoe meer ons weet, hoe meer kan ons leer. Daarom moet enige poging om onderrig te gee, met die toestand van die leerder inskakel en moet dit vir die leerder 'n paadjie in die vak in bied wat op daardie leerder se vorige kennis gebaseer is.
- Dit neem tyd om te leer. Leer is nie oombliklik nie. Vir betekenisvolle leer om plaas te vind, is dit nodig dat ons na idees terugkeer, hulle bepeins, hulle uitprobeer, met hulle speel en hulle gebruik. Dit kan nie in die 5 tot 10 minute gebeur wat gewoonlik in 'n kunsgalery deurgebring word nie (en sekerlik nie in die paar sekondes wat gewoonlik aan die betragting van 'n enkele museumvoorwerp bestee word nie). Indien jy oor enigiets besin wat jy geleer het, besef jy gou dat dit die produk van herhaalde blootstelling en denke is. Selfs oomblikke van diepsinnige insig, of miskien juis sulke oomblikke, kan na langer tydperke van voorbereiding teruggevoer word.

¹⁰ John Dewey, *Experience and Education*, New York: Macmillan, 1938.

- Motivering is 'n sleutelkomponent van leer. Dit is nie slegs so dat motivering 'n hulp by leer is nie, dit is noodsaaklik vir leer. Die idee van motivering soos hier uiteengesit, is in die breë bedoel om ook 'n begrip in te sluit van die maniere waarop die kennis gebruik kan word. Tensy ons van die "redes waarom" bewus is, kan ons nie juis baie betrokke raak by die kennis wat vir ons bygebring word nie – selfs nie deur die strafste en mees direkte onderrig nie.

2.3 Leer- en ontwikkelingshindernisse

Leer en onderrig word deur verskeie faktore beïnvloed. Daarom is die opvatting van leerhindernisse deur Onderwyswitskrif 6 ingevoer. Daar mag dus, vanweë die volgende faktore, verskillende leerbehoefte ontstaan:

- Negatiewe houdings jeens en stereotipering van verskillende
- 'n Onbuigsame kurrikulum
- Ontoepaslike tale of taal van leer en onderrig
- Ontoepaslike kommunikasie
- Ontoeganklike en onveilige beboude omgewings
- Ontoepaslike en ontoereikende ondersteuningsdienste
- Ontoereikende beleidsbepalings en wetgewing
- Die nie-erkenning en onbetrokkenheid van ouers
- Onvoldoende en ontoepaslik opgeleide onderwysbestuurders en opvoeders

Een van die sleutelhindernisse wat geïgnoreer is, hou verband met taal. 'n Leerder se moedertaal behoort, waar dit ookal prakties moontlik is, aktief in die klaskamer ondersteun te word. Dit verwys na die gebruik van moedertaal as die taal van leer en onderrig (TLO) in klasgroepe van 40.

Daar word in die vooruitsig gestel dat die opleiding van beamptes wat onderwysers in die bestuur van multitalige klaskamers sal bystaan en wat onderwysers sal help om die moedertaal as die leer- en onderrigtaal vir minstens ses jaar te handhaaf, waar moontlik, in die oorkoepelende geletterdheidsstrategie geïnkorporeer sal word.

Die spesifieke "Taal-in-onderwys Transformasieplan" sal naatloos in die hoofproses geïntegreer word.

Die heropleiding van onderwysers binne die strategie vir geletterdheid en syferkundigheid sal verseker dat opleiding medium- en langtermyn van aard sal wees. In die lig van die uitdagings t.o.v. die agtergrond en opvoedkundige ervarings van baie lede van die huidige onderwyserkorps, sal enige korttermynstrategie teenproduktief wees.



2.4 Leer om te lees, skryf en reken

Die WKOD se strategie m.b.t. geletterdheid berus op die veronderstelling dat eksplisiete onderrig in klankleer binne die konteks van 'n "geheeltaal"-benadering sal plaasvind, waarin die maak van betekenis beklemtoon word en die konstruktivistiese benadering gevolg word waarbinne sowel lees as skryf as kritieke medekomponente van ontwikkeling beskou word.

In "Die Rol van Klankleer in Leesonderrig" neem die Internasionale Leesvereniging (IRA) die volgende standpunt in:

- *Die onderrig van klankleer is 'n belangrike aspek van aanvangs-onderrig in lees.*
- *Klaskameronderwysers in die primêre grade ag klankleer van waarde en onderrig dit wel as deel van hul leesprogramme.*
- *Ten einde 'n doeltreffende deel te vorm van die bevordering van onafhanklikheid in lees, moet klankleeronderrig in die konteks van 'n totale program vir die lees- en taalkuns vasgelê wees.*

John J Pikulski, die President van die IRA, stel dit soos volg: "*Vroeë, stelselmatige, eksplisiete klankleeronderrig is 'n essensiële deel, maar slegs 'n deel, van 'n gebalanseerde, omvattende leesprogram.*" Dit is die organisasie se standpunt dat geen enkele benadering tot lees- en skryfonderrig die beste vir elke kind is nie."

In 'n artikel in *Principal* (aangehaal in *Whole Language and Phonics: Can They Work Together?* op http://www.education-world.com/a_curr/curr029.shtml) beweer Marie Carbo soos volg: "*Kinders wat goed in geheeltaalprogramme vaar, neig tot visuele, taktiele en globale leesstyle.*" Volgens haar is globale leerders soos hierdie geneig om gewilde leesstof, praktiese leerervaring en eweknie-interaksie wat prominent in die geheeltaalbenadering voorkom, te geniet en daaruit te leer.

Vir analitiese leerders, daarenteen, kan die geheeltaalbenadering gedisorganeer voorkom, sê Carbo. Indien daar nie stelselmatige onderrig in klankleer plaasvind nie, kan analitiese leerders terugsak en nie sover kom om die middele te ontwikkel wat hulle nodig het om woorde te dekodeer nie.

Carbo beklemtoon dat, oor die algemeen, die gebruik van 'n enkele benadering tot lees nie werk nie. Baie kombinasies en permutasies is nodig om 'n optimale leeromgewing vir 'n hele klas lesers te voorsien. Sy haal 'n uitgebreide uiteensetting van navorsing aan wat steun verleen aan die "*globale benadering tot die hele taal as 'n raamwerk om aan jong kinders en swak lesers onderrig te gee – maar slegs as 'n raamwerk.*" Binne daardie raamwerk is dit nodig om *strategieë uit verskillende benaderings te benut.*



Die wisselwerking tussen lees en skryf is 'n noodsaaklike skakeling wat alle leerders moet ontwikkel. Wanneer 'n leerder lees, is hy/sy besig om die boodskap van die skrywer te dekodeer. Wanneer 'n leerder skryf, is dit vir hom/haar nodig om die gedagtegang so te organiseer dat die boodskap geënkodeer kan word. Die vermoë om 'n woord te lees of te dekodeer, is geen waarborg dat 'n leerder in staat sal wees om dieselfde woord te skryf of te enkodeer nie. Skryf vind op baie verskillende vlakke van begrip en denke plaas. Dit is vir die skrywer nodig om die basiese beginsels van letterklank-ooreenkoms en lettervorming te verstaan en om stelselmatige patrone in woorde en woordversamelings te gebruik om woorde te spel. Daarom beklemtoon die WKOD die belangrikheid daarvan om te verwag dat leerders sinne kan vorm en dat hulle vanaf graad 1, as 'n integrale deel van die proses waardeur geletterdheidsvaardighede ontwikkel word, by uitgebreide skryf betrokke sal wees.

In die onderrig in en aanleer van syferkundigheid is die konstruksie van kennis op 'n manier wat vir die leerders betekenisvol is, van besondere belang. Die konstruksie van kennis in syferkundigheid is egter beide 'n empiriese aktiwiteit en 'n abstrakte besinning. Alhoewel dril en oefen tans, met die fokus op begrip, in baie gevalle nie in 'n gunstige lig beskou word nie, erken die WKOD dat beide begrip en oefening noodsaaklik is om 'n grondige begrip van numeriese en wiskundige konsepte te ontwikkel. Onderrig in syferkundigheid beteken dus onderrig d.m.v. syferaktiwiteite. Verder is dit so dat syferobjekte begripsobjekte is, wat beteken dat begripsvaardigheid en -bedrewenheid 'n kritieke aspek van die verwerwing van syferkundigheid vorm. Met betrekking tot wiskundige begrip is daar dus ook 'n plek vir dril en oefen. 'n Herhalingsbenadering tot die onderrig van konseptuele begrip en die inoefen van vaardighede sal leerders in staat stel om syferkundigheidskennis en vaardighede aktief te konstrueer.



2.5 Taal van leer en onderrig

Oorgeneem uit: *Optimizing Learning and Education in Africa – the Language Factor: A Stocktaking Research on Mother Tongue and Bilingual Education in Sub-Saharan Africa* by ADEA/ GTZ/Commonwealth Secretariat/UIE (Konsepweergawe)

"Opsomming van Teorie oor die Aanleer en Verwerwing van Taal

Kinders wat skool toe gaan, is vaardig in minstens een taal en dikwels in etlike tale wat in hul onmiddellike omgewing gebruik word. Hulle het geleer om hierdie tale vir doeltreffende kommunikasie in hoofsaaklik informele kontekste te gebruik.

Wat in die skoolopset in die meeste wêrelddele verwag word, is die volgende:

- Leerders se vaardighede en kundigheid in hul huistaal sal verder ontwikkel word vir gebruik in formele akademiese kontekste. Dit sluit lees en skryf vir skeppende en kognitief veeleisende doeleindes in.*
- Leerders se denkvaardighede (kognitiewe vaardighede) sal opgeskerp word deur die reeks van uitdagings reg deur die kurrikulum.*
- Soos die kurrikulum gaandeweg deur die skoolstelsel heen al hoe meer veeleisend word, gebeur dieselfde met die taalvereistes. Ten einde die steeds toenemende vereistes van die formele kurrikulum die hoof te kan bied, hou leerders aan om hul taalvaardighede te ontwikkel.*
- Die leer van taal vind nie slegs in die klasse vir die taal as vak plaas nie, maar in elke les en in elke vak reg deur die dag.*

In Afrikalande het ons tot die insig gekom dat ons van ons kinders verwag om al hierdie dinge te doen, maar deur 'n taal wat hulle nie verstaan nie.

Alhoewel baie mense glo dat hoe gouer 'n kind in die klaskamer aan 'n nuwe taal blootgestel word, hoe beter hy/sy die taal sal leer, weet ons nou deur grondige navorsing dat dit nie die geval is nie en dat dit gewoonlik die teenoorgestelde uitwerking sal hê. Indien dit vir 'n kind nodig is om 'n nuwe taal te leer, soos bv. die amptelike taal of ITBK, sal hy/sy daardie taal normaalweg vir 6-8 jaar as 'n vak moet leer voordat dit as onderrigmedium gebruik kan word. 'n Mens kan nie van 'n kind verwag om te begin om 'n taal as vak te leer en om dit dan ook terselfdertyd as onderrigmedium te gebruik nie. Indien 'n mens probeer om die proses aan te jaag, sal die kind nie die nuwe taal goed genoeg aanleer nie en ook nie die ander belangrike vakke nie. Ons weet nou dat die meeste kinders wat moet probeer om wiskunde en wetenskap aan te leer in 'n taal wat hulle nie verstaan nie, nie daarin sal slaag nie.



Ons weet ook dat daar twee maniere is waarop kinders 'n addisionele taal in formele onderwys met welslae sal leer:

- Waar hulle die moedertaal reg deur as medium het en waar die addisionele taal goed deur bedrewe onderwysers aangebied word. (In Suid-Afrika het T1-sprekers van Afrikaans hoogs bedrewe in Engels geraak, waar Engels slegs as 'n vak vir een les per dag onderrig is.)
- Waar daar moedertaalmedium vir minstens 6-8 jaar is, plus voorsiening van die addisionele taal vir daardie 6-8 jaar deur bedrewe onderwysers; gevolg deur dubbelmediumonderwys (party vakke in die moedertaal-medium en party vakke in die addisionele taal vir 8-12 jaar)."

Die navorsingskonteks sowel as die nasionale konteks het aanleiding gegee tot 'n besluit in die Wes-Kaap om 'n Taal-in-onderwys Transformasieplan in te voer, wat met die verloop van die tyd geïmplementeer sal word.

Daar word in die vooruitsig gestel dat die provinsiale doelwitte sal voldoen aan enige nasionale beleid wat in daardie stadium mag geld, maar dat dit die volgende twee provinsiale uitbreidings moet insluit:

1. 'n Leerder se moedertaal behoort, waar dit ookal prakties moontlik is, minstens tot aan die einde van graad 6 aktief in die klaskamer ondersteun te word. Dit verwys na die gebruik van die moedertaal as die taal van leer en onderrig (TLO) in klasgroepe van 40.
2. Benewens die studie van twee amptelike tale as vakke, behoort leerders in die Wes-Kaap 'n minimum van drie jaar onderrig in die derde taal van die provinsie te ontvang. Ten einde leerders in staat te stel om die meeste voordeel uit die toevoeging van 'n omgangstaal te verkry, sal hierdie kursus in 'n Derde Taal van die Wes-Kaap vanaf graad 7 tot 9 aangebied word."



3. GROEITEIKENS

Hierdie strategie het die volgende groeiteikens:

3.1 Kweek 'n poel onderwysers wat in staat is om die volgende te doen:

- Leer leerders hoe om te lees en skryf en om ten minste funksioneel syferkundig te wees in terme van tempo en vlak volgens internasionale norme.
- Voorsien topgehalteonderrig aan alle leerders in 'n multitalige klaskamer.
- Bestuur taaloorgange so dat leerders MT-bekwaamheid ontwikkel terwyl hulle 'n tweede taal byvoeg, tot die punt waar die leerder die addisionele taal na graad 6 en verder as medium kan gebruik indien dit is wat besluit word en wat die skool kan ondersteun.
- Onderrig vakke oor die kurrikulum heen met goeie gebruik van die regte taal of tale.
- Voorsien 'n leeromgewing wat kognitiewe ontwikkeling stimuleer en syferkundigheid en probleemoplossingsvaardighede bevorder.
- Onderrig Engels goed
- Onderrig Afrikaans goed
- Onderrig Xhosa goed

3.2 Kweek 'n poel beamptes wat in staat is om die volgende te doen:

- Lei en adviseer skole deur die beplanning en implementering van taal- en syferkundigheidsbeleid heen.
- Lei en adviseer onderwysers oor hoe om leerders in alle tipes leeromgewings te leer.
- Lei en adviseer onderwysers oor hoe om leerprogramme op te stel en hulle teen 'n geskikte pas en vlak te handhaaf sodat leer ten beste kan plaasvind.
- Ondersteun onderwysers met die bestuur van die klaskamer sodat taalonderrig en MTGTO behoorlik bestuur word.

3.3 Kweek 'n poel ouers wat in staat is om die volgende te doen:

- Lees en skryf self tot by funksionele vlakke (die idee van "gesinsgeletterdheid") en word hierin ondersteun deur 'n massageletterdheidsveldtog.
- Die neem van regte besluite oor die onderrigmedium vir hul kinders.
- Voorsien goeie steun tuis vir die kind se kreatiewe, verbeeldings- en uitdrukkingsontwikkeling, ontluikende geletterdheid, syferkundigheid en ander leerbehoefte.
- Dra kennis van biblioteke en voorsien toegang tot hulpbronne soos biblioteke.



3.4 Kweek 'n poel van leerders wat in staat is om die volgende te doen:

- Lees, skryf en praat op die verlangde vlakke vir hul ouderdomme.
- Verwerf syfervaardighede op die verlangde vlakke vir hul ouderdomme.
- Bied MT as die Primêre Taal in graad 12 aan, selfs wanneer hulle in nie-MT-as-TLO-skole is.
- Bied MT op minstens die vlak van die Eerste Addisionele Taal in graad 12 aan, selfs wanneer hulle in nie-MT-as-TLO-skole is.
- Neem min-ondersteunde tale op enige van die primêre, eerste addisionele of tweede addisionele vlakke (onder die huidige omstandighede beteken dit in hoofsaak om die aantal leerders wat Xhosa op enige vlak neem, te laat groei; dit sou ook na die groeiende poel van leerders kon verwys wat ander tale neem, soos byvoorbeeld Frans, Arabies, Mandaryns, ens. ten einde prioriteitstale vir die handel en kommunikasie te teiken).
- Behaal vanweë verbeterde taalvermoë, beter uitslae in ander vakke.
- Behaal vanweë verbeterde geletterdheidskoers en taalvermoë, verminderde herhalings en beter deurvoersyfers.
- Voltooi 'n AOOS met aanvaarbare geletterdheidsvlakke.
- Vergroot die poel van diegene wat Wiskunde en Wetenskap vir die VOO neem.
- Wees verseker van welslae in Wiskundige Geletterdheid in VOO.

4. OPERASIONELE FOKUSPUNTE

Die Koördinerende Taakspan (KTS) wat deur die WKOD aangestel is om die strategie te ontwikkel, bestuur en koördineer, het die volgende voorstelle aanvaar om die strategie wat tans in plek is, te versterk:

- 'n Oudit van die kwalifikasies en ervaringsvlakke van onderwysers in die Grondslagfase om vas te stel of hulle toepaslik opgelei is
- Die aanpassing/ontwikkeling van 'n diagnostiese instrument vir die basiese assessering van alle graad 1-leerders
- Diagnostiese assessering van alle graad 1-leerders
- Die ontwikkeling van 'n uniforme assesseringsinstrument (of instrumente) ingevolge afwaarts-ontwerpte assesseringstandaarde en ontwikkelingstappe per graad, sodat onderwysers die vordering van hul leerders kan assessee, hul lesplanne dienooreenkomstig kan ontwikkel en ook die inligting vir klaskamerbestuur kan gebruik
- Kurrikulumadviseurs vir die Grondslag- en Intermediêre Fase, met die bystand van die 65 Leerderondersteuningsadviseurs, om die HvD's en onderwysers in die gebruik van die assesseringsinstrument(e) en toepaslike lesbeplanning n.a.v. assesseringsuitslae op te lei
- Die nodige LOOM vir geletterdheid en syferkundigheid (bv. gegradeerde klasleesboeke) wat voorsien of geïdentifiseer moet word
- Die ontwikkeling van 'n moniteringsinstrument vir die GF- en IF-kurrikulumadviseurs, die 65 LOA's en die HvD's om vir die monitering van klaskamerpraktyk en leerdervordering gebruik te word



- Die GF- en IF-kurrikulumadviseurs, die 65 LOA's en die HvD's monitor klaskamerpraktiek en leerdervordering deurlopend en rapporteer volgens 'n vasgestelde protokol aan die OBOS-direkteur. Hulle moet onder meer monitor of:
 - onderwysers behoorlike lesbeplanning volgens die werkskema en hul eie assesserings doen.
 - die 100 leesboeke in die klaskamers is en of hulle gebruik word.
 - WWT-stelle en kaarte vir Wiskundige Hoofrekeninge gebruik word.
 - die geletterdheidshalfuur (lees vir genot) behoorlik gebruik word.
 - die nodige LOOM beskikbaar is en gebruik word.
 - leerders ooreenkomstig die teikenstandaarde presteer.
 - gereelde verslagdoening plaasvind.
 - onderwysers die taalbehoefte van hul leerders behartig.
- Die Geletterdheid-en-syferkundigheidstrategie periodiek hersien.
- Grondige ontleding deur die KTS van die volgende geletterdheid- en syferkundigheidskwessies:
 - Grondige ontleding van die beskikbare gr. 3 en gr. 6 uitslae per skool
 - 'n Ondersoek na klaskamerpraktieke in suksesvolle en swak skole ten einde tekortkominge en goeie praktiek te identifiseer
 - 'n Ontleding van die doeltreffendheid van verskillende geletterdheid- en syferkundigheidsprojekte en -benaderings in WKOD-skole
 - 'n Ondersoek na beste praktieke t.o.v. die ontwikkeling van geletterdheid- en syfervaardighede in ander provinsies en lande
 - Verslaggewing oor geletterdheid en syferkundigheid deur die OBOS'e

5. DIE PRIORITISERING VAN STEUN VIR SKOLE

Alhoewel die oogmerk met hierdie strategie alle leerders en alle onderwysers in alle skole insluit en daar voortgegaan sal word om algemene steun te voorsien, sal die strategie-implementeringsplan aanvanklik intensief op die Grondslagfase en primêre skole fokus wat in die WKOD en die nasionale sistemiese evalueringsproses op die " baie swak " en " swak " vlakke presteer het. Slegs wanneer daar aanduidings van beduidende verbetering in hierdie kategorie is, sal die intensiewe werk na ander skole uitgebrei word – op 'n gelykskaal van behoeftes.

Die strategie is 'n geteikende intervensie. Die WKOD sal al sy ondersteuningspersoneel, sy IKT/Khanya-inisiatiewe, onderwysassistent-ondersteuning en gesinsgeletterdheidsprogramme mobiliseer en opstel om die probleem by geïdentifiseerde skole aan te pak. Die benadering stel dit dat elke kind en elke skool en elke onderwyser ondersteun kan word en moet word en sal word. Elke kind is spesiaal. Die WKOD se ingesteldheid op regstelling en billikheid sal besluitneming rig.



6. DIE STRATEGIE SELF

Die strategie identifiseer drie kritieke aspekte wat die grootste impak sal hê:

1. Onderwyserontwikkeling en -ondersteuning
2. Die Taal-in-onderwys Transformasieplan
3. Die geheelskool-/geheelgemeenskap en gesinsgeletterdheidsbenadering

Onderwyserontwikkeling en -ondersteuning sal die intervensiearea met die hoogste prioriteit wees. **Die Taal-in-onderwys Transformasieplan** sal 'n "stelsels"-intervensie met 'n impak oor klaskamers heen wees. Die **geheelskool-/geheelgemeenskap en gesinsgeletterdheidsbenadering** sal die oorheersende holistiese modaliteit wees om fundamentele verandering teweeg te bring.

PROGRAMME	MEDE-AFHANKLIKE KENMERKE
Steun vir en ontwikkeling van onderwysers	Ondersteuning vir skoolgebaseerde onderrig en leer. Aandag aan die taal van onderrig en leer.
Veranderinge in die klaskamerpraktyk	
Voorskoolse/VKO-strategie	Ondersteuning vir tuisgebaseerde of grondslagonderrig en leer. Gesinsgeletterdheid.
Bevordering, Gesins- en Gemeenskapsgeletterdheid	
Navorsing	Aandag aan kritieke suksesfaktore
Monitering en Ondersteuning	
Koördinerings en Volhoubaarheid	
Leer- en Onderrigondersteuningsmateriaal	

6.1 Ondersteuning vir skoolgebaseerde onderrig en leer

Onderwyserontwikkeling en veranderinge in die klaskamerpraktyk is die twee kritieke intervensies wat die WKOD sal inspan om 'n impak op die lae geletterdheids- en syferkundigheidsprestasievlakke te maak.



6.1.1 Steun vir en Ontwikkeling van Onderwysers

Die program vir onderwyserontwikkeling en -ondersteuning is daarop ingestel om die bekwaamheid van onderwysers te verbeter ten einde die suksesvolle onderrig van taal en wiskunde te verseker, sowel as die ontwikkeling van 'n hoë vlak van geletterdheids- en syfervaardighede. Die onderwyserontwikkeling wat aangebied word, sal bepaal word deur waargenome behoeftes, behoeftes wat deur navorsing geïdentifiseer is en behoeftes wat deur onderwysers self geïdentifiseer is. Ontwikkeling sal op kennis en vaardighede sowel as op houdings en waardes fokus en sal in uitgebreide kursusse aangebied word, sowel as in kort werksinkels wat op 'n enkele aspek van die kurrikulum of 'n enkele tegniek fokus maar wat by die breër kennis en vaardighede van die onderwysers inskakel. Die WKOD sal steun van NRO's en ander vennote werf om opleiding aan te bied wat in ooreenstemming met die aktiwiteite en strategieë van die WKOD is.

Dit is 'n historiese werklikheid dat die meerderheid onderwysers wat tans in onderbevoorregte klaskamers skoolhou, self die slagoffers van minderwaardige opleiding sowel op skool as op die tersiêre vlak was. Die destydse beleidsrigtings het daartoe gelei dat die rol van die moedertaal in konseptuele ontwikkeling nie behoorlik erkenning gekry het nie en het verseker dat die kurrikulum daarop ingestel was om bepaalde rolle in die samelewing en bepaalde veronderstellings aangaande klas in stand te hou. Daarbenewens toon die navorsing van UNESCO in Afrika duidelik dat, ten einde leerprestasie om te keer, die werklike taalvaardighede van onderwysers wat Engels as vak onderrig maar wat nie MT-sprekers van Engels is nie, tot die vlak van MT-bevoegdheid opgehef moet word, veral indien die onderwysmodel van leerders verwag dat hulle vir die finale skooljare na 'n nie-MT as die TLO sal omskakel.

Aan die een kant moet onderwysers duidelikheid hê oor wat dit is wat van leerders verwag word en aan die ander kant moet hulle weet presies hoe om die leerders te help om daardie vlakke te bereik en/of wanneer om bykomstige professionele ondersteuning te soek (bv. vir leerders met spesiale leerbehoefte).

Kort middagsessies is onvoldoende om fundamentele onderrigstrategieë en tradisionele patrone te verander, veral wanneer onderwysers ook nog ondergemotiveerd is en sukkel om onder ongunstige omstandighede te werk.



Die onderwyserontwikkelingsmodel sal derhalwe op twee afsonderlike bene staan:

- Eerste been: die opleiding en ondersteuning sal volgens 'n noukeurige skedule en op navorsing en monitering gebaseer wees en voorsien word deur WKOD-beamptes in samewerking en oorleg met eksterne vrywillige of befondsde alternatiewe of aanvullende voorsiens soos bv. NRO's, indien nodig.
- Tweede been: Soos fondse en goedkeuring verkry word, sal die model vir sodanige onderwysers op 'n gesteierde, fondsegekoppelde en behoeftebasis wees om volle gesertifiseerde opleiding via 'n OM met die tersiêre instansies te ontvang. Hierdie kursusse sal pasklaar GOS- of VOD-kursusse wees en op 'n verskeidenheid wyses aangebied word, bv. aangesig-tot-aangesig, afstand, deelyds of voltyds.

Die modules sal deur nisspesialiste aangebied word, bv. in die bestuur van multitalige klaskamers, of in onderrig in multigraadsituasies. In die geval van voormalige DOO-skole sal die onderwysers as 'n prioriteit in die bestuur van MTGTO opgelei word, sodat die gebruik van die MT tot minstens die eerste ses jaar van skoolonderwys uitgebrei kan word en vir hul eie taalvaardighede om tot 'n vlak van MT-bekwaamheid opgegradeer te word.

Afgetrede onderwysers sal op 'n glyskaal in diens geneem word om klasse waar te neem terwyl onderwysers vir voltydse studie vrygestel word.

Geletterdheidsontwikkeling

Dit sal toegespits word op 'n toename in die aantal onderwysers wat in staat is om doeltreffende geletterdheidsonderrig aan te bied, veral in 'n multitalige konteks en sal die volgende insluit:

- Opleiding van Grondslagfase-onderwysers in die volle reeks onderrigmetodes (veral vir lees en skryf en veral in die MT van die leerders) sodat, indien hulle tans moeite ervaar om leerders te help om welslae te behaal, hulle in nuwe tegnieke vaardig kan word.
- Opleiding van onderwysers van die Intermediêre Fase in 'n reeks leesheroepingstrategieë en skryfopleidingsprogramme sodat hulle leerders wat steeds halfgeletterd is, kan help.
- Opleiding van onderwysers van die Senior Fase in 'n reeks leesheroepingstrategieë en skryfopleidingsprogramme sodat hulle leerders wat steeds halfgeletterd is, kan help.
- Die opleiding van alle onderwysers om 'n multitalige klaskamer te behartig (sluit die volgende in: leer van Engels sonder om die moedertaal te verloor; beweeg van moedertaal- na dubbelmedium-onderwys; vroeë geletterdheid en dubbelgeletterdheid in preprimêre en primêre skole; dubbel- en parallelmediumonderwys).



Syferkundigheidsontwikkeling

Dit sal die aantal onderwysers vermeerder wat in staat is om doeltreffende syferkundigheidsonderrig aan te bied, veral in 'n multitalige konteks en sal die volgende insluit:

- Opleiding van Grondslagfase-onderwysers om hulle in staat te stel om die syferkonsep, ruimtelike verhoudings en wiskundige hoofrekenes te verstaan en te onderrig en 'n ingesteldheid van probleemoplossing by leerders te ontwikkel
- Opleiding van onderwysers van die Intermediêre Fase om hulle in staat te stel om die aanvanklike konseptuele raamwerk in wiskunde, basiese wiskundige vaardighede van getalkonsepte, breuke, ruimtelike konsepte en datahantering, sowel as proses- en ontwerpvaardighede te verstaan en te onderrig
- Opleiding van onderwysers van die Senior Fase om basiese wiskundige konsepte te verstaan en te assesser en om toepaslike wiskundige konsepte op 'n logiese en progressiewe wyse te onderrig
- Die opleiding van alle onderwysers om die natuurlike weetgierigheid van leerders te stimuleer, 'n gevoel van verwondering te laat vlam vat en hul verbeelding te stimuleer en om probleemoplossingsvaardighede by leerders te ontwikkel

Ontwikkeling van pedagogiese vaardighede

Ontwikkeling van pedagogiese vaardighede sal opleiding in onder meer die volgende insluit:

- toepaslike metodologie
- lesbeplanning
- klaskamerbestuur
- dissipline
- onderrig van groot klasse of multigraadklasse
- bestuur van 'n multitalige klas
- kennis van hoe leer plaasvind
- hoe om die natuurlike weetgierigheid van leerders te stimuleer, 'n gevoel van verwondering te laat vlam vat en hul verbeelding te stimuleer en om probleemoplossingsvaardighede by leerders te ontwikkel.
- om met kontekstuele en emosionele kwessies te werk
- die ontwerp en uitvoer van assessering
- hoe om op die spesifieke swakhede van die leerders, soos deur provinsiale en ander toetsing gediagnoseer, te reageer
- diagnostiese vaardighede en die kennis van wat om te doen om die behoeftes van leerders te ondersteun



Spesifieke aksies:

- Die KA's vir GF en IF, sowel as die leerondersteuningspersoneel by die OBOS'e, sal skoolpersoneel gesamentlik in 'n noukeurig ontwerpde opleidingsprogram ondersteun en oplei. In die ideale weergawe wat hierbo onder "twee bene" opgesom is, sal onderwysers geakkrediteerde kursusse voltooi nadat hulle direkte opleiding van tersiêre instansies ontvang het.
- Prinsipale van die projekskole sal opleiding ontvang oor hoe om 'n geheelskoolomgewing daar te stel en te bestuur ten einde die nuwe metodes te ondersteun, sodat alle personeel aangespoor kan word om innoverend op te tree.
- Departementshoofde (DH's) sal opgelei word om onderwysers te help en om die implementering van die kurrikulum te monitor – die Kaapse Onderwysinstituut sal 'n kursus vir departementshoofde aanbied.
- "Stappe na Geletterdheid" en "Stappe na Syferkundigheid" sal in die vorm van 'n kort program van aksie vir onderwysers aangebied word. Die dokumente sal besonderhede oor die tydsindeling en fokuspunkte bevat wat die onderwyser moet volg ten einde te verseker dat 'n leerder die bevoegdheid verwerf wat vir die vlakke vereis word, bv. 10 minute per dag aan "klankleer", of 150 minute per week aan lees vir genot, of 20 minute per dag aan Wiskundige Hoofrekene.
- Onderwysers sal inskoolondersteuning ontvang van onderwysers wat leerondersteuning bied.
- In skole waar leerders ernstig onderpresteer, sal onderwysers ondersteuning van onderwyserassistente ontvang.
- Verdere ondersteuning sal via die kurrikulumwebwerf en via gereelde videogekoppelde aanbiedinge vir afstandopleiding gebied word.
- Onderwysers mag toegang verkry tot een van die Kaapse Onderwysinstituut se kursusse in die onderrig van geletterdheid of syferkundigheid of Wiskunde, leesintervensies, of onderrig in 'n multitalige klas.
- Opleiding in assessering sal gegee word om onderwysers in staat te stel om hul leerders se leervordering op te volg.
- Opleiding in die gebruik van data, soos dié wat uit die grondlyn-assessering en graad 3- en graad 6-toetsing verkry word, sal uitgevoer word ten einde onderrig en leer te verbeter.
- Ontwikkeling van CD's op die verwagte prestasievlakke van leerders in geletterdheid en syferkundigheid, hindernisse in die bereiking van hierdie vlakke en leiding vir onderwysers om die hindernisse wat ervaar word, die hoof te bied.
- Voorbeeldesse of beste praktyke word op die webwerf en by OBOS-werkswinkels aangebied.
- Gestruktureerde leesprogramme sal geëvalueer word – beamptes en skole sal oor geskikte programme ingelig word en/of dit sal vir skole met 'n behoefte aan spesifieke ondersteuning aangekoop word.
- Monsters van lesplanne plus assesseringstake en voorbeelde van leerders se werk wat nagesien is, sal voorsien word om leiding aan onderwysers te gee oor die besonderhede van hoe om lesse op 'n toepaslike vlak uit te werk en hoe om standarde daar te stel.
- Skole wat IKT-apparatuur en -programmatuur ontvang, sal ook opleiding in die gebruik daarvan ontvang.



6.1.2 Veranderinge in die klaskamerpraktyk

Hierdie program sal op die verdere ontleding van die kurrikulumstandaarde vir elke graad fokus ten einde 'n definisie te vind vir die grondlynprestasielakke wat deur onderwysers vir lesbeplanning, klaskamerbestuur en die monitering van vordering gebruik kan word; ondersteuning en mentorskap of afrigting ingevolge die besonderhede van lesbeplanning, met spesiale klem op die bestuur van onderrig in geletterdheid en syferkundigheid; gebruik van hulpbronne om onderrig en leer te verbeter; bestuur van diversiteit in die klaskamer; bestuur van assesseringspraktyke; ondersteuning van leerders met spesiale leerbehoefte.

Hierdie program aangaande klaskamerpraktyk sal toegespits wees op die wyse waarop onderrig en leer in die klaskamer plaasvind. Die uitkoms van hierdie program is om te verseker dat onderwysers al die ondersteuning sal ontvang wat nodig is om te verseker dat elke onderwyser in staat sal wees om die kritieke aspekte van klaskameronderrig te behartig, byvoorbeeld:

- Voldoende tyd word bestee om Tale en Wiskunde op die gepaste vlak te onderrig.
- Leerders bestee voldoende tyd aan die leer van Tale en Wiskunde.
- Lesse is goed beplan.
- Toepaslike hulpbronne is beskikbaar en word benut.
- Leerders word korrek en toepaslik geassesseer .
- Volle gebruik word van die kennis gemaak wat uit die assessering van die leerders verkry is.
- Onderwysers fokus op onderrig en ondersteuning van individuele leerders en nie slegs op die leerarea en die klas as geheel nie.
- Klaskamerpraktyk bevorder goeie dissipline.
- Daar is tekens van leerdervordering.
- Die taalbehoefte van leerders kry aandag.
- Leerhindernisse wat deur leerders ervaar word, kry aandag.
- Skoolbestuur- en skoolondersteuningspanne, OBOS-beamptes en ouers/voogde ontvang gereelde en toepaslike verslae.
- Daar is by die onderwysers 'n liefde vir Taal en Wiskunde merkbaar en dit veroorsaak by hul leerders 'n gees van gretigheid om te leer.
- Hulle weet en verstaan hoe leerders leer.
- Alle leeruitkomste word behandel en leerders behaal die uitkomste op die toepaslike vlak.
- Alle aspekte van die leerareas word breedvoerig onderrig.
- Daar word werk gemaak van die multitalige aard van klasse.
- Doeltreffende onderrigmetodologie word toegepas, met inbegrip van die onderrigmetodologie vir groot klasse, waar van toepassing.

Ten einde die verwesenliking van hierdie uitkomste te ondersteun, is verskeie aksies geïdentifiseer, maar ten einde sukses te verseker, is hulle weens die beperkte tyd en hulpbronne wat beskikbaar is, ingeperk.



'n Loodsprojek is in 2006 ingestel waarin onderwysassistente in diens geneem is om meer ondersteuning aan leerders te voorsien. Die onderwysassistent se rol is om die onderwyser by te staan om leerders te ondersteun sodat hulle hul volle potensiaal kan bereik. Onder die leiding of aanwysings van die klasonderwyser voer onderwysassistente 'n verskeidenheid take uit, soos toesig hou oor klas- of groepsaktiwiteite en individuele werk met 'n leerder of 'n klein groepie leerders om leer te konsolideer of te versterk. Die onderwysassistente dien geensins as plaasverangers vir onderwysers nie. Deurlopende indiensopleiding word aan onderwysassistente gegee om hulle toe te rus om hul funksies te vervul. Die projek sal geëvalueer word om die doeltreffendheid van elke aspek daarvan te bepaal en om aanbevelings te doen oor die toekomstige gebruik van onderwysassistente.

Die volgende aspekte sal ook aandag ontvang: ondersteuning en mentor-skap in terme van lesbeplanning; die gebruik van hulpbronne om onderrig en leer te verbeter; die bestuur van diversiteit in die klaskamer; die bestuur van assesseringspraktyke; en ondersteuning vir leerders.

Gedrukte, klank- en videovoorbeelde van die verlangde bekwaamheidsvlakke sal voorsien word om leiding t.o.v. die nodige prestasievlakke vir elke graad te gee.

Klustervergaderings vir onderwysers sal aangemoedig en ondersteun word. Die konsep van kritiese vriendegroepe onder onderwysers moet bevorder word.

'n Eenvoudige handboek sal ontwikkel word wat onderwysers aan ouers kan gee om aan te toon hoe hulle die geletterdheid- en syferkundigheidsontwikkeling van leerders kan ondersteun, maar wat ruimte laat vir onderwysers om geïndividualiseerde kommentaar by te voeg.



Spesifieke aksies:

Ontwikkel 'n intervensie- en ondersteuningsplan (of planne) vir onderwysers, met betrekking tot onderwysers se kennis van of bedrewenheid in die volgende:

- die NKV
- die ontwikkeling van leerprogramme en lesplanne – verfyning van die begrip van pas aangee, seleksie van inhoud, prioritisering
- die didaktiek van geletterdheid en syferkundigheid in 'n multitalige, eentalige en/of multigraadkonteks
- assessering van leerders
- tydsbestuur
- klaskamerbestuur
- klaskameradministrasie
- om steun te gee aan leerders wat met leerhindernisse te kampe het
- lei onderwysassistente op en ontplooi hulle om onderwysers te ondersteun wat probleme ervaar (dit gaan ook gepaard met die opleiding van relevante onderwysers en SBS'e)

6.2 Ondersteuning vir tuisgebaseerde of grondslagonderrig en leer:

Dit sluit 'n voorskoolse en VKO-strategie in, sowel as 'n geletterdheidsprogram vir die "geheelskool/geheelgemeenskap" en/of 'n gesinsgeletterdheidsprogram.

6.2.1 Voorskoolse of VKO-strategie

Navorsing in baie lande het bevind dat leerders wat tot graad 1 toetree nie die nodige kennis, vaardighede en gesindhede het om doeltreffend aan formele skoolonderrig deel te neem nie. Hierdie situasie kan aan faktore soos die volgende toegeskryf word: armoede, TV, gebrek aan bewegings- of motoriese ontwikkeling, gebrek aan geleenthede om te speel, swak taalgebruik deur rolmodelle, dwelm- en drankmisbruik deur swanger vrouens, ondervoeding, enkelouergesinne, ongeletterde ouers, gebrek aan ouerbetrokkenheid by die lewens van kinders, gebrek aan omgang met boeke voor toetrede tot die skool, ens.

Die gevolg van die bostaande is dat die meeste van ons leerders nie vir formele skoolonderrig gereed is wanneer hulle tot graad 1 toetree nie. 'n Duidelike, omvattende strategie wat daartoe sal bydra dat ons leerders behoorlike voorskoolse onderwys ontvang, is dus dwingend noodsaaklik. In die kort tot medium termyn behoort die oorgrote meerderheid leerders wat tot graad 1 toetree die nodige kennis, vaardighede en gesindhede te hê om doeltreffend aan formele skoolonderrig deel te neem. Ten einde hierdie doelwit te verwesenlik, sal die strategie ingestel wees op die ontwikkeling van 'n handleiding en 'n daarmee gepaardgaande ondersteuningsprogram om ouers op te lei om hul kinders vir formele onderwys voor te berei.



Die strategie om die bogenoemde doelwitte uit te brei, is reeds tussen die WKOD, die Departement van Gemeenskapontwikkeling en Maatskaplike Dienste en die Departement van Gesondheid ontwikkel en sal op die leerbehoefte van kinders tot die ouderdom van vier jaar gerig wees. 'n VKO-taakspan van die WKOD is gestig om te verseker dat kritiese VKO-kwessies daadwerklik en sistematies aandag kry. Verder is daar reeds met 'n Nasionale Strategie begin om teen 2010 onderwys aan alle graad R-leerders te voorsien.

Spesifieke aksies:

- Ontwikkel en druk 'n handleiding vir ouers oor die ontwikkeling van ontluikende geletterdheids- en syfervaardighede.
- Reël werksinkels vir ouers oor die ontwikkeling van ontluikende geletterdheids- en syfervaardighede en maak waar praktiese moontlik van die media gebruik.
- Ontwikkel 'n plan om so veel as moontlik graad R-leerders so gou as moontlik in skole te akkommodeer. Verseker dat die toewysing van fondse, die opleiding van onderwysers, die monitering van alle lokale en die registrasie van nuwe skole by die ontwikkelingsbehoefte van die betrokke gemeenskappe inpas.
- Ontwikkel 'n siftingsinstrument vir graad R'e om hul ontwikkelingsvlakke te assesser.
- Ontwikkel en druk 'n ontwikkelingsprogram vir graad R met spesifieke fokus op voortkomende geletterdheids- en syfervaardighede.
- Lei OBOS-personeel, onderwysers en onderwysassistenten vir die implementering van die program op.
- DH's en die betrokke OBOS-personeel moet die implementering van die program moniteer en die nodige remediërende stappe doen.
- Voorsien klinieke en ander afsetpunte in die staatsdiens van eksemplare van videos oor ouerskap, geletterdheid en syferkundigheid.

6.2.2 Bevordering, Gesins- en Gemeenskapsgeletterdheid

Waar hulle benodig word, moet die WKOD die volgende persone en instansies mobiliseer en oplei: rolmodelle of ikone, vrywillige lesers, vrywilliger onderwysers, gemeenskapontwikkelingswerkers, onderwys-agente vir die plaaslike regering, klinieke (d.w.s. gesondheid, maatskaplike welsyn, kuns en kultuur, plaaslike regering) NRO's, OSW's, biblioteke, skole om saam met ander skole tweeling te vorm. Indien die navorsing op welslae dui en daar besluit word om onderwysassistenten voortaan te behou, behoort die kontrakte vir die onderwysassistenten hersien te word sodat daar van hulle verwag word om sê maar 30 gesinne te identifiseer en hulle te besoek om steun aan hulle te bied. Die moontlikheid om 'n groter aantal gemeenskapontwikkelingswerkers as 'n EOWP-projek in diens te neem met spesiale opleiding in geletterdheid of syferkundigheid moet dringend opgevolg word. Ook belangrik is die media: drukwerk sowel as die radio. Wat in die vooruitsig gestel word, is 'n ontwikkelende model van 'n lerende gesin in 'n lerende straat en 'n lerende gemeenskap (dit sal deur ons "Gemeenskapskool"-inisiatief in 2006 ondersteun word). Die idee van 'n omkeer van leer in ons skole staan hier sentraal en dit is slegs deur 'n



aktiewe betrokkenheid van die hele gemeenskap dat dit sal gebeur (benewens die soliede skoolgebaseerde intervensies).

Spesifieke aksies:

- Die ontwikkeling van 'n strategie vir bevordering
- Die ontwikkeling van 'n model vir gesinsgeletterdheid binne 'n konteks van gemeenskaps-/massageletterdheid
- Die ontwikkeling van opleidingsmateriaal
- Voortgesette mobilisering en opleiding soos benodig
- Grootseepse publisiteit om die strategie onder die aandag van alle rolspelers te bring en die werwing van vrywilligers
- publiseer resultate en vordering
- Spoor skole aan om ouers te betrek, ondersteuning en opleiding te verskaf en duidelik aan te toon wat ouers kan doen om die ontwikkeling van geletterdheid en syferkundigheid in die huis te ondersteun

7. AANDAG AAN KRITIEKE SUKSEFAKTORE

7.1 Navorsing

Soos reeds hierbo genoem, dui navorsing daarop dat leerders se gebrek aan geletterdheids- en syfervaardighede 'n internasionale verskynsel is. Nietemin is Suid-Afrika, met betrekking tot Wiskunde- en Wetenskapuitslae op die sekondêre vlak, onder die swakste presteerders in ontwikkelende lande en selfs in Afrika suid van die Sahara. Grondige navorsing is dus nodig om vas te stel waarom ons leerders nie na wense presteer nie en om aanbevelings te doen oor hoe hierdie situasie reggestel kan word.

Verder is dit nodig om juis hierdie strategie as "aksienavorsing" te bestuur, gegrond op formele navorsing. Dit is 'n strategiese en geteikende intervensie. Dit is belangrik om resultate op te volg en om suksesse te vermenigvuldig en deel van die hoofstroom te maak.

7.1.1 Daar sal op die volgende navorsigsterreine gefokus word

- Die verdere ontleding van die prestasie van leerders in die geletterdheid- en syferkundigheidstoetse vir graad 3 en 6
- Die uitwerking van taal op leerderprestasie, bv. 1) die prestasie van nie-moedertaalsprekers in Engelsmediumskole, met inbegrip van kodewisseling en die uitwerking daarvan op die prestasie van leerders 2) die uitwerking op leerders wat aangespoor word om die gebruik van die moedertaal as TLO vir langer te handhaaf.
- Die naspour in die lang termyn van leerders wat die assesseringstoetse vir graad 3 en 6 afgelê het, ten einde doelmatighede binne die stelsel te takseer
- Die ontwikkeling van 'n toetsitembank en 'n loodsondersoek
- Ondersoek na maniere waarop toetsresultate aan skole gerapporteer kan word ten einde met betekenisvolle interpretasie en intervensie te help
- 'n Ondersoek na ouderdom teenoor prestasie



- 'n Oudit van die kwalifikasies, opleiding en ervaring van onderwysers in die Grondslagfase
- 'n Ondersoek na lesbeplanning en klaskamerpraktyke in suksesvolle en swak skole ten einde tekortkominge en goeie praktyk te identifiseer
- 'n Ontleding van skole wat goed en swak presteer
- 'n Oudit van alle NRO's wat in skole van die WKOD werksaam is en hul aktiwiteite – dit behoort 'n sintese in te sluit van die waardevolle navorsing wat hulle onderneem het en waaroor hulle gerapporteer het
- Navorsing oor die doeltreffendheid van die ontplooiing van onderwyserassistente in skole wat swak presteer
- Aksienavorsing oor die doeltreffendheid van 'n strategie vir geletterdheid en syferkundigheid soos in hierdie dokument in die vooruitsig gestel, d.w.s. die intervensies self moet gemoniteer word en die uitwerking van die onderwysersopleiding ens. op die werklike prestasie van leerders moet gekontroleer word en benaderingswyses moet aangepas word soos benodig.
- Skakels tussen punte vir geletterdheid en syferkundigheid moet nagevolg word

7.2 Monitering en Ondersteuning

Daar word internasionaal aanvaar dat monitering en ondersteuning van enige strategie noodsaaklike elemente is om doeltreffende dienslewering te verseker. Relevante en behoorlike ondersteuning kan nie plaasvind indien daar nie monitering van vordering en prestasie gedoen word nie. Monitering, gehaltesekerheid en intervensie word benodig.

Wat taalbeleid betref, moet beamptes taalbeleid in skole ondersoek, verseker dat die voorgeskrewe minimumvereistes nagekom word en verseker dat alle skole besig is om 'n mate van eksplisiete vordering te maak tot volledige nakoming van die implementering van die beleid, soos en wanneer personeel- en begrotingsbepערkinge dit toelaat. Dit behoort besoeke aan standplase in te sluit en nie tot 'n burokratiese model beperk te word nie.

Sommige van die redes waarom behoorlike ondersteuning en monitering nie in ons skole plaasvind nie, is die volgende:

- Gebrek aan aanspreeklikheid en rapporteringskanale
- Gebrek aan kennis en vaardighede
- 'n Ontoepaslike ondersteunings- en moniteringsinfrastruktuur en 'n gebrek aan samewerking onder die verskillende rolspelers
- Swak bestuur van ondersteuning en monitering
- Gebrek aan ondersteunings- en moniteringsinstrumente
- Swak ingeligte en ongeletterde SBL'e en ouers, ens.

'n Behoorlike ondersteunings- en moniteringstelsel benodig die volgende:

- 'n Ondersteunings- en moniteringsbeleid
- Doeltreffende ondersteuningsprogramme
- Doeltreffende ondersteunings- en moniteringspersoneel



- Doeltreffende moniteringsinstrumente
- Verantwoordelikheid en aanspreeklikheid by alle rolspelers
- Inkoop deur al die rolspelers

7.2.1 Algemene aksies

- Die vestiging van moniterings- en ondersteuningskomitees op die skool-, distrik- en provinsiale vlakke
- Riglyne vir skole aangaande die vestiging van moniterings- en ondersteuningskomitees
- Die ontwikkeling van verslagvorms, die insameling en interpretasie daarvan en terugvoer aan skole
- Ondersteuning aan skole om hulle in staat te stel om uitslae te interpreteer en om 'n strategie te ontwikkel vir die skool om die uitslae te verbeter
- Aansporing aan onderwysers om groepies van kritiese vriende binne die skool en oor buurskole heen te vorm
- Soos reeds hierbo aangedui, is dit die WKOD self en sy ondersteuningsaksies vir geletterdheid en syferkundigheid wat ook nodig het om gemoniteer te word.

7.2.2 Aksies wat aan Syferkundigheid en Geletterdheid verwant is

- 'n Oudit van huidige intervensies in elke skool moet onderneem word.
- 'n Databasis van huidige intervensies moet ontwikkel word.
- Skole moet goedkeuring vir alle toekomstige intervensies by hul OBOS'e kry. Alle intervensies moet in die lig van die uitslae in graad 3 en 6 oorweeg word.
- Alle nuwe intervensies moet vir vaslegging in die databasis aangemeld word.
- Alle nuwe intervensies moet eksterne evalueringprosesse aandui.
- Skaal die kurrikulumassesseringstandaarde progressief af vir elke graad tot by die grondlyn-assesseringvlakke, sodat onderwysers hulle vir lesbeplanning, klaskamerbestuur en die monitering van vordering kan gebruik.
- Druk die nodige materiaal.
- Ontwikkel modellesse vir opvoeders wat hierdie maatreël nodig mag hê.
- Meet die doeltreffendheid van bestaande sowel as nuwe intervensies
- Skep 'n gesamentlike monitering- en ondersteuningstelsel wat uit SBS'e, leerondersteuningspersoneel, kurrikulumadviseurs, KB's, die OBOS-bestuurspan en relevante HK-personeel bestaan.
- Ontwikkel die nodige opleidingsmateriaal en lei personeel op.
- Moniteer onderrig deur SBS'e, leerondersteuningspersoneel, kurrikulumadviseurs, KB's, die OBOS-bestuurspan en relevante HK-personeel.



7.3 Koördinerings en volhoubaarheid

Dit behoort op 'n verskeidenheid vlakke uitgevoer te word:

7.3.1 Provinsiale Koördineringsstaakspan

Spesifieke aksies:

- Bestuur die algehele uitrol van die goedgekeurde versterkte Geletterdheid-en-syferkundigheidstrategie
- Ontmoet kwartaalliks om vordering in elke distrik (OBOS) te monitor
- Doen op 'n kwartaallikse basis aan TOPCO verslag
- Verseker dat daar toepaslike reklame van die strategie is

7.3.2 Provinsiale Werkgroep

Spesifieke aksies:

- Doen verslag aan die provinsiale koördineringsstaakspan
- Bring OBOS-inisiatiewe byeen
- Monitor en assesser maandelikse verslae deur OBOS'e
- Onderneem navorsing
- Onderneem spesifieke intervensieprogramme
- Ontwikkel 'n formaat vir verslagdoening
- Bevorder bevordering
- Skakel met die KOI aangaande behoeftes
- Fasiliteer die opleiding van OBOS-personeel na aanleiding van behoeftes

7.3.3 Geletterdheids-en-syferkundigheidskomitee van die OBOS (Direkteur, HKA, Hoof: GLOO)

Spesifieke aksies:

- Doen eenmaal per kwartaal aan die Provinsiale Werkkomitee verslag
- Doen 'n standontleding van die behoeftes m.b.t. geletterdheid en syferkundigheid van die skole in die OBOS
- Stel 'n konsep van die OBOS se aksieplan vir geletterdheid en syferkundigheid op in lyn met die strategiese plan en sakeplanne van die provinsie
- Bou die kapasiteit van opvoeders by skole
- Monitor vordering m.b.t. die intervensiestrategie in skole
- Monitor alle inisiatiewe van NRO's of belanghebbers in skole
- Ontleed OBOS-uitslae
- Deel beste praktyk met skole
- Bestuur reklame



7.3.4 OBOS-kringbestuurders

Daar sal van kringbestuurders verwag word om die strategie vir geletterdheid en syferkundigheid te ondersteun deur te verseker dat skole goed bestuur word en dat prinsipale die nodige omstandighede skep wat goeie onderrig en leer sal ondersteun. Kringbestuurders moet leiding en ondersteuning aan prinsipale gee ten einde te verseker dat

- roosters ontwikkel word en daarby gehou word
- onderwysers gereeld en betyds by die skool is en dat daar op toepaslike wyse teen weerbarstige onderwysers opgetree word
- hulpbronnemateriaal aangekoop en behou word
- die groottes van klasse behartig word
- personeel professionele ontwikkeling ontvang
- 'n positiewe atmosfeer van bereiking in die klaskamer gekweek word

7.3.5 Skoolvlak (Prinsipaal, Kurrikulumkoördineerder, Departementshoof, GF, IF, SF)

Spesifieke aksies:

- Verseker dat die skool 'n beleid vir geletterdheid en syferkundigheid het en moniteer die implementering daarvan
- Doen verslag aan die OBOS se Geletterdheid- en Syferkundigheidskomitee eenmaal per kwartaal
- Doen verslag aan die SBL een maal per kwartaal
- Onderneem reklame en bewusmaking onder ouers
- Reël opleiding en ondersteuning van personeel
- Moniteer die halfuur vir lees
- Reël vir ouer- of grootouervrywilligers
- Moniteer en evalueer lesvoorbereiding, klaskamerbestuur en onderrigstrategieë van onderwysers
- Moniteer leerders se vordering.

7.3.6 Geletterdheids-en-syferkundigheidsbeleid op skoolvlak

As 'n voortsetting na die bekendstelling van die WKOD se hersiene Strategie vir Geletterdheid en Syferkundigheid, sal van elke skool verwag word om 'n beleid vir geletterdheid en syferkundigheid te ontwikkel. Die beleid moet deur die skoolbeheerliggaam ontwikkel word, in oorleg met die onderrigpersoneel en ouers, sowel as leerders waar van toepassing.



Die beleid moet

- 'n geskrewe beleid wees wat aan alle rolspelers en belanghebbers beskikbaar gestel word.
- naatloos by die taalbeleid van die skool inpas.
- doelwitte stel vir prestasie wat deur leerders in die skool in geletterdheid en syferkundigheid behaal moet word.
- vereis dat doelwitte gestel word om die vlakke van geletterdheid en syferkundigheid as deel van die skool se ontwikkelingsplan te verhoog.
- vereis dat voortgesette ontwikkeling van personeel in die onderrig van geletterdheid en syferkundigheid in die skool se ontwikkelingsprogram geïnkorporeer word.
- verseker dat planne vir 'n ten volle funksionele biblioteek of media- en hulpbronsentrum in die skool se ontwikkelingsplanne ingesluit word, indien sodanige biblioteek of sentrum nie reeds bestaan nie.
- 'n lid van die skoolbestuurspan benoem om spesifieke verantwoordelikheid vir geletterdheid en syferkundigheid oor die kurrikulum heen te aanvaar.
- aantoon dat dit die verantwoordelikheid van elke onderwyser in die skool is om geletterdheid en syferkundigheid te ontwikkel.
- maniere bepaal waarop geletterdheid en syferkundigheid in die skool bevorder sal word.
- prosedures bepaal waardeur die prestasie van leerders in geletterdheid en syferkundigheid gemoniteer en geëvalueer sal word.
- verseker dat data wat uit assessering verkry is, doeltreffend benut word.
- bepaal watter onderwyserontwikkeling nodig is om die doelwitte te verwesenlik.
- oorweging skenk aan geletterdheid- en syferkundigheidsklasse vir gesinne, waar nodig.
- buite-kurrikulêre aktiwiteite aandui wat geletterdheid en syferkundigheid ondersteun en wat in die skool geïmplementeer sal word.
- maniere aandui waarop ouers en ander lede van die gemeenskap by die ondersteuning van geletterdheid en syferkundigheid betrokke sal raak.



7.4 Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)

Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal moet in samehang met die onderwyser se strategie en metodologie vir onderrig in geletterdheid en syferkundigheid geselekteer word om die onderwyser se werk in die klaskamer te ondersteun. LOOM behoort op 'n geskikte vlak vir elke leerder te wees en op die besondere leerstyl en behoeftes van die leerder toegespits te word. Die WKOD sal alles wat hulle kan uit bv. tydskrifdonasies, private donasies ens. mobiliseer. Daar word in die vooruitsig gestel om 'n "Leeslaboratorium"-projek te kontrakteer – gegradeerde stukkie wat op leeskaarte voorsien word vir leerders om te lees, tesame met vrae om vaardighede te ontwikkel. Hierdie kaarte sal nie boeke vervang nie, maar sal hulle goedkoop aanvul en sal deel uitmaak van 'n veldtog om voorrade leesmateriaal in Xhosa op te bou.

7.4.1 Geletterdheid en LOOM

Hierdie program sal leiding en ondersteuning verskaf by die onderrig van Geletterdheid

- Onderwysers behoort 'n onderrig- en leerlêer te hê wat uit 'n leerprogram, 'n werkskedule en lesplanne vir taal bestaan. Onderwysers moet ook 'n portefeulje van assesseringstake hê. Waar onderwysers verdere ondersteuning nodig het, moet daar van een van die gestruktureerde leesprogramme gebruik gemaak word, hetsy in harde kopie met tekste, of met gebruikmaking van 'n gemengde benadering met harde kopieë en digitale materiaal.
- Elke klaskamer in die Grondslag- en Intermediêre Fase moet 'n klasbiblioteek hê wat uit minstens 100 boeke bestaan wat deur die WKOD voorsien is. Die onderwyser moet 'n aantal stalle gegradeerde leesboeke in die klaskamer hê sodat leerders hul leesvaardighede op 'n geskikte vlak kan ontwikkel. Leerders moet 'n taalhandboek, skryfboeke en penne of potlode, soos van toepassing, hê.
- Elke skool moet elke dag 'n gestruktureerde leeshalfuur implementeer
- Skole moet Norme-en-standaardfondse gebruik om te verseker dat alle leerders handboeke en skryfmateriaal het

7.4.2 Syferkundigheid/Wiskunde en LOOM

Die volgende program sal leiding en ondersteuning verskaf by die onderrig van Syferkundigheid of Wiskunde.

- Onderwysers moet 'n onderrig- en leerlêer hê wat uit 'n leerprogram, 'n werkskedule en lesplanne vir Syferkundigheid/Wiskunde bestaan. Onderwysers moet ook 'n portefeulje van assesseringstake hê en daaglikse hulpbronmateriaal vir Wiskundige Hoofrekenes, soos deur die WKOD voorsien of soortgelyk daaraan, en dit gebruik. Waar onderwysers verdere ondersteuning nodig het, moet daar van een van die gestruktureerde Syferkundigheid-/Wiskundeprogramme gebruik gemaak word, hetsy in harde kopie met tekste, of met gebruikmaking van 'n gemengde benadering met harde kopieë en digitale materiaal.



- Leerders moet ook toegang tot toepaslike toerusting vir die onderrig van konsepte in Wiskunde hê, soos die WKOD se WWT-pakket.
- Leerders moet 'n handboek vir Wiskunde, 'n oefeningboek en penne of potlode, soos van toepassing, hê.
- Skole moet Norme-en-standaardefondse gebruik om te verseker dat alle leerders handboeke en skryfmateriaal het.

Spesifieke aksies:

- WKOD sal voorbeelde van Leerprogramme voorsien.
- WKOD sal onderwysers in die Grondslag- en Intermediêre Fase van hulpbronmateriaal vir Wiskundige Hoofrekene voorsien en hulle in die gebruik van die materiaal ondersteun.
- Alle onderwysers sal hulp ontvang om 'n Leerprogram, 'n Werkskedule en Lesplanne te ontwikkel.
- Monitoring en ondersteuning sal voorsien word om te verseker dat klasbiblioteke gebruik word.
- Khanya sal alle laboratoriums by primêre skole van geskikte programme vir IT-geletterdheid en syferkundigheid vir geïndividualiseerde leer voorsien en onderwysers in die gebruik van die programmatuur bystaan.
- Die verkryging en gebruik van interaktiewe witborde as meganisme om die gehalte van onderrig en leer te ondersoek en indien moontlik te implementeer.
- Skaal die kurrikulumassesseringstandaarde progressief af vir elke graad tot by die grondlyn-assesseringsvlakke, sodat hulle vir lesbeplanning, klaskamerbestuur en die monitoring van vordering gebruik kan word.
- Druk die nodige materiaal.
- Ontwikkel modellesse vir opvoeders wat dit nodig mag hê.



8. OOGMERKE

Jaar 1 (Algemene oriëntering)

Bevordering

Help ouers om van die voordele van moedertaalgebaseerde tweetalige onderwys te leer.

Mobiliseer die massamedia.

Opleiding van beamptes

Grondlynassessering

Monitering en evaluering

Interpretasie van toetsuitslae

Spesifieke vaardigheidsonderrig waar daar behoeftes is

Taalondersteuningsonderwerpe: (die hoeveelheid tyd wat aan elke onderwerp bestee word, sal wissel na gelang van die behoeftes van die betrokke teikengroep)

- Hoe om 'n skooltaalbeleid te formuleer en te implementeer (of te moniteer)
- Die leer van Engels sonder om die moedertaal te verloor
- Die beweeg vanaf die moedertaal na dubbelmediumonderrig
- Vroeë geletterdheid en bi-geletterdheid in pre-primêre en primêre skole
- Dubbelmedium en parallelmediumonderwys: bestuur- en klaskamerkwessies
- Hoe om met die verkeerde toepassing van tale by 'n skool te werk
- Hoe om inhoudvakke te onderrig met gebruikmaking van multitalige benaderings
- Die ontwikkeling van materiaal
- Assesseringskwessies

Ondersteuning

Skole moet deur die volgende prosesse ondersteun word:

- definiëring van geletterdheids- en syferkundigheids- en taalbeleide, ontleding van demografieë, skakeling met buurskole
- beplanning van personeelvoorsiening en LOOM
- toewysing van begrotings
- deur die proses van die verbetering van MT-gebaseerde onderrig moet individuele onderwysers ondersteun word sodat leerders in die Grondslagfase optimaal kan vorder
- die van stapel stuur van die WKOD se drie jaar drietaligheidsprogram

Algemeen

Data-insameling, grondlyntoetsing, bevordering, opleiding van opleiers, mobilisering en die verkryging van skenkings, materiaal ens. Berei die dokumente: "Stappe tot Geletterdheid" en "Stappe tot Syferkundigheid" voor en voorsien dit; stel die GOS'e ens. op; voer loodsprogramme uit waar dit uitvoerbaar is; kry IKT-planne op die behoeftige skole toegespits; stel tweelingskappe tussen skole op; help mense om planne opgestel te kry (bv. taalbeleide ens.); kry die media aan die werk.



Makrobeplanning vir Distrikte of die Provinsie m.b.t. taalvoorsiening

In 'n doeltreffende stelsel kan voorsiening in die kader van taalbehoefte nie aan die toeval oorgelaat word nie. Toekomsbeplanning en insig in die demografie is nodig sodat taalplanne vir nuwe instansies toekomsgerig sal wees en sodat die skool se taalbeleidsrigtings in 'n bepaalde distrik, indien nodig, hersaamgestel kan word. 'n Formele proses moet in werking gestel word waardeur voorsiening van onderwys met inagneming van taal ondersoek en die nodige intervensies geïmplementeer sal word.

Daar moet voorsiening in die begroting gemaak word om veranderinge in die taalmedium en verskuiwings in die "tale as vak" te ondersteun – veral waar hierdie aanpassings as 'n respons op 'n versoek deur die WKOD gemaak word.

Jaar 2 en daarna

Bevordering en ondersteuning duur voort soos hierbo aangedui.

Opleiding en mentorskap in oorgangsbetree (bv. om 'n oorgang na Engels en/of na dubbelmedium te bestuur) duur vir onderwysers en beamptes voort soos die leerders na grade 4, 5 en dan 6 en selfs 7 (en/of verder) vorder.

9. ALGEMENE OPMERKINGS

Die LUR, die Superintendent-generaal van Onderwys, Top- en Breëbestuur, hoofkurrikulumadviseurs, aangewese beamptes, leerondersteunings-onderwysers en die Khanya-spanne sal saamspan om 'n impak te maak op skole wat ondersteuning nodig het. Edulis- en die media-adviseurs, BOOV-beamptes, GOW's, NRO's, tersiêre instansies en vrywilligers sal deel van die span wees. Die veldtog sal gekenmerk word deur die leuse "*Elkeen Leer iemand: saam bou ons 'n leertuiste vir almal*" sal 'n trefkrag hê wat sowel sigbaar as meetbaar is.

Al die personele by 'n skool wat vir ondersteuning geïdentifiseer is, moet deel van die omdraai-proses uitmaak. Oplossings is nie in die hande van individue nie, maar in die gesamentlike pogings van 'n werkspan wat op een doel ingestel is. Skole wat deel van die program vorm, sal gevra word om plegtig te onderneem om die program, wat die volgende maklik identifiseerbare 10-punt lys behels, met toewyding aan te pak:



Omkeerplan vir Geletterdheid en Syferkundigheid

- Alle leerders, onderwysers en ouers is tot hierdie omkeerplan verbind.
- Die skool sal alke dag 'n halfuur van lees vir genot hê.
- Die WWT-pakket en ander wiskundige ontdekkingsprosesse sal elke dag gebruik word om die konstruktivistiese en probleemoplossingsbenadering te ondersteun.
- Die onderwysers sal "Stappe tot Geletterdheid" en "Stappe tot Syferkundigheid" programme volg.
- Onderwysers sal aan opleiding deelneem soos benodig en sal wat hulle leer in die klaskamer toepas.
- Ouers sal stories vertel of lees, syferspeletjies speel en saam met hul kinders leer.
- Ouers sal hul kinders help om by 'n biblioteek aan te sluit.
- Ouers wat nie kan lees of skryf nie, sal plegtig onderneem om te leer.
- Leerders sal minstens drie maal per week stories, joernale, artikels (oorspronklike prosa) skryf en mekaar se werk lees.
- Ouers en onderwysers sal saam werk ten einde die beste planne in verband met die taal van onderrig en leer vir die kind te maak.

Die program sal sodanig wees dat gewone mense sal weet wat dit beteken om deel van hierdie program te wees. Hulle moet weet wat dit is waartoe hulle hulle verbind. Dit moet die verbeelding van ons provinsie gaande maak, in ons dorpe, in die wykkomitees, in fabrieke en in huise. Skole sal hulle in die openbaar daartoe verbind om, d.m.v. konkrete aksie, 'n leertuiste vir almal te bou. In hierdie verband staan die behoefte aan 'n spesiale verhouding met ons vakbonde en verenigings van skoolbeheerliggame sentraal.



10. BYLAE A

'n Verslag wat 'n effense aanpassing is van opsommende opmerkings deur Minister Naledi Pandor oor die uitslae van die nasionale sistemiese evaluering vir graad 6 (wat in die "Cape Times" van 14 Desember 2005 gepubliseer is), lui soos volg:

Alhoewel skole nou deel van 'n nie-rassistiese stelsel met nuwe kurrikulums en leermateriale vorm, het die evaluering onthul dat vyf uit tien skoolkinders nie die verwagte leeruitkomste in Natuurwetenskap behaal nie, ses uit tien nie in die Taal van onderrig presteer nie en agt uit tien nie in Wiskunde presteer nie ("presteer" beteken 50% of meer in 'n graad 6-assesseringstaak te behaal).

Die peiling gee ons 'n oorsig van die stand van skoolonderrig in die oorgangsfase (graad 5-6) in Suid-Afrika. Alhoewel dit nie ontwerp is om ons te vertel hoedat spesifieke faktore veroorsaak dat kinders beter of swakker leer nie, bied die peiling wel 'n aanduiding van watter faktore, hetsy op sigself of in kombinasies, beduidend met beter of swakker leerderpunte verband hou.

Leerders het die beste in stedelike skole gepresteer en (in dalende orde) minder goed in townshipskole, plaasskole, landelike en afgeleë landelike skole. In sommige take het party leerders uit afgeleë landelike skole inderdaad byna drie maal swakker as stedelike leerders gevaar.

Dit blyk dat leerders se huislike omstandighede hul prestasie in al drie die leerareas sterk beïnvloed het. Die sosiale en ekonomiese omstandighede by die huis het inderdaad die sterkste korrelasie getoon met hoe goed kinders leer. Kinders uit baie arm gesinne het gemiddeld een-derde so goed in taal en Wiskunde presteer en die helfte so goed in Wetenskap, as kinders uit gesinne wat baie welgesteld is. Arm huishoudings is nie in staat om boeke, radio's en televisiestelle te bekostig nie en kinders wat tuis toegang tot hierdie media en inligting en stimulering het, het oor die algemeen beter in hul assesseringstake gepresteer. 'n Relatief groot aantal van die ouers in die steekproef het gerapporteer dat hul kinders van tyd tot tyd tuis gebly het wanneer hulle nie hul skoolgeld kon betaal nie en sulke kinders het beduidend swakker in die drie assesseringstake gepresteer.

Daarenteen het leerders wie se ouers of voogde in staat is om skoolgeld te betaal en wat self 'n opvoeding geniet het en belangstelling in hul kinders se skoolwerk toon en aan skoolaktiwiteite deelneem, beter gepresteer.

"Leerderdeelname" was die inskoolfaktor wat die sterkste met beter prestasie in Taal, Wiskunde en Wetenskap verbind was. Deelname verwys na wat daar in klaskamers aangaan. Leerders se punte is hoër wanneer hulle dikwels in interaksie met hul onderwysers is, saam werk en onderwys hulpmiddels gebruik. Aangesien deelname kommunikasie vereis en kommunikasie taal vereis, is dit nie verbasend nie dat die invloedrykste aspek van leerderdeelname die taal was waarin leerders onderrig was en geleer het.



In al drie die leerareas het graad 6-kindere beter presteer wanneer hulle in hul huistaal geleer het, terwyl kindere wat in 'n ander taal as hul huistaal geleer het, geneig was om minder goed te vaar. Daar is volop getuienis uit ander navorsing dat kindere wat tydens die vroeë skooljare in hul moedertaal leer, meer bedrewe in lees- en skryfvaardighede en in syferwerk word. Die skrywers van die sistemiese evalueringsverslag vir graad 6 waarsku egter dat ander faktore ook 'n invloed kan hê, aangesien daar by leerders wat nie in hul moedertaal geleer het nie en wat lae punte in die assesserings behaal het, ook gewoonlik in landelike en afgeleë landelike gebiede woon.

In die geheel is die bewyslewing duidelik: hoe ryker die leeromgewing in die skole is, hoe beter presteer kindere in hul assesseringstake. Dit is duidelik dat onderwysers toereikende hulpbronne nodig het om hulle te help en waar sodanige hulpbronne afwesig was, het hul leerders swak gevaar. Waar skole 'n biblioteek of boekeversameling, 'n internet-verbinding, of 'n sentrum met onderrighulpbronne gehad het, was die neiging vir hul leerders om beduidend beter te presteer. Die outeurs van die verslag sê dat die beskikbaarheid van sulke hulpbronne by 'n skool "'n deurslaggewende dimensie van skooldoeltreffendheid" uitmaak. Hulle beskou dit as 'n "drumpelfaktor" wat doeltreffende leer en onderrig in staat stel om te ontwikkel en te floreer.

Wat kan ons doen om verbetering oor die hele stelsel heen teweeg te bring? Eerstens moet ons toegang tot skole verbeter. Dit beteken dat die kwessie oor die betaling van skoolgeld wat kindere verhoed om tot skoolprogramme toe te tree of om hul programme te voltooi, opgelos moet word; dat verseker moet word dat leerders met spesiale behoeftes in staat gestel word om die skool by te woon en dat daar behoorlik vir hulle voorsien word; en dat voldoende leermateriaal betyds aan alle skole gelewer word. Tweedens moet ons spesifieke gehaltekwessies bevorder. Faktore wat geteiken moet word, sluit die volgende in: om kindere in staat te stel om in die mees toepaslike taal van leer en onderrig te leer; om die omstandighede die hoof te bied wat geneig is om van skole in landelike gebiede, op plase en in townships minder doeltreffende leerstandplase te maak; en om 'n omvattende beleid in te voer om mense na die onderwys as 'n lewenskragtige en gerespekteerde loopbaan te lok, om aanvanklike onderwysersopleiding van hoë gehalte te bied en om met professionele ontwikkeling voort te gaan. Derdens moet daar voortgegaan word met die fokus op gelykheid. Dit beteken dat die professionele en administratiewe ondersteuning wat provinsiale, distrik- en kringonderwyskantore bied, beduidend verbeter moet word. Die laaste kwessie gaan oor doeltreffendheid. Daar is naamlik 'n behoefte om te verseker dat die program vir vroeëkindontwikkeling voorsiening van gehalte aan alle voorskoolse kindere bied, wat na verwagting 'n stewige fondament vir verdere leer sal lê, kindere se verdere leerprestasie sal verbeter en sal sorg dat hulle in die skool bly.



11. BYLAE B

In "The Scientist in the Crib: A Conversation with Andrew Meltzoff". In Educational Leadership, November 2000, Deel 58, Nommer 3. pp. 8-13, skryf Marcia D'Arcangelo (effens aangepas) soos volg:

"Die huidige gebied [van breinnavorsing] maak van nuwe en eksperimentele tegnieke, nie kliniese waarneming nie, gebruik om te kyk wat daar tydens die eerste lewensjare in die verstand van die kind aangaan.

"Alhoewel Piaget en Vygotsky die grondslag vir die terrein gelê het, gaan ons verder as hulle denkwyses. Piaget het die insigte bygedra dat kinders se verstand op 'n ordelike wyse ontwikkel en dat hulle op ietwat ander maniere as volwassenes dink. Kinders het hul eie raamwerk waardeur hulle na dinge kyk en hulle interpreteer die wêreld deur die filter van hul kognitiewe strukture.

Vygotsky het die idee bygedra dat sosiale interaksie belangrik is vir leer en dat kinders nie net onafhanklike probleemoplossers is nie, maar dat hulle by volwassenes en ander kinders leer. Meer as Piaget het hy beklemtoon hoe belangrik sosiale interaksie is. En wat dit betref, was hy natuurlik reg.

"... Deur na kinders te luister, is ons daartoe gelei om ons opvatting oor die verhouding tussen gedagtes en taal te hersien. Ons besef nou dat taal nie slegs gebruik word om fisiese voorwerpe te etiketteer nie, maar ook om betekenisvolle kognitiewe gewaarwordinge te etiketteer – soos kinders se opvattinge oor die onsigbare, hul voornemens en hul wense aangaande hul eie aksies en dié van andere. Hulle leer ook van andere, iets wat die aangebore strukture waarmee hulle in die wêreld kom, transformeer.

"Dit is hier waar Vygotsky sy diepsinnige bydrae tot ons begrip van die menslike natuur gemaak het. Hy het aan die hand gedoen dat opvoeding, waar ons deur andere verander word, deel van ons natuur is.

"... Daar is geen werklike konflik tussen die aangebore en die aangeleerde nie, geen konflik tussen biologie en kultuur nie. Wat uniek in verband met die menslike biologie is, is dat ons van ander mense afhanklik is om te leer. Ons word diep deur ons onderwysers, ouers en eweknieë beïnvloed. Ek hou daarvan om te sê dat ons mense gebore word om te leer.

"... Sosiale insette is ongelooflik belangrik vir gedrags-, kognitiewe en emosionele verandering. Dit is daar waar nabootsing en leer deur waarneming inkom. Kinders, selfs babas, gebruik ons as rolmodelle. Hulle hou fyn dop wat ons doen en probeer dan om dit in hul gedrag te inkorporeer.

"... 'n Klomp breinnavorsing en ontwikkelingsnavorsing toon aan dat baie jong kinders en waarskynlik almal van ons, beter in 'n stresvrye omgewing leer. Wat onderwysers behoort te wil hê, is nie-bedreigende klaskamers wat ondersoek en ontdekking in die hand werk sodat kinders hul kognitiewe en



emosionele perke kan verken. Verder is stimulerende, gevarieerde insette belangrik vir ontwikkeling, reg vanaf die vroegste stadiums, reg deur die kollege en tot in die volwasse staat. Vir babas kom dit op multisensoriese stimulering neer. Vir kinders van skoolgaande leeftyd beteken dit om soms visuele voorbeelde, soms ouditiewe voorbeelde en soms taktiel-kinestetiese voorbeelde te gee.

"Aktiwiteit in leer is baie belangrik. Kinders leer nie goed wanneer inligting passief aan hulle deurgegee word nie. Klein kindertjies hou baie daarvan om deur middel van aktiewe verkenning te leer – deur te speel – waar hulle die wêreld verander en dit manipuleer. Hulle sal 'n voorwerp tot 15 keer na mekaar wegsteek en weer uithaal en dophou wat gebeur. Kinders van skoolgaande ouderdom hou ook van konkrete manipulerings en aktiewe, betekenisvolle verkenning. Hulle het tyd nodig om voorspellings oor die wêreld te maak en te kyk of dit hulle voorspellings wat hulle in gedagte het, bevestig of nie bevestig nie. Hulle het tyd nodig om dit wat hulle geleer het, te verteer. Dit is op Lees, Wiskunde, die kunste en Wetenskap van toepassing. Net soos volwasse wetenskaplikes en digters, het kinders tyd nodig om te speel, te herlei en die grense van hul eie perspektiewe uit te toets. Dit is deel van leer en ontwikkeling en stel kinders vir formele onderrig van andere oop.

"... Jong kinders lê 'n verband tussen aksies en dit wat daarop volg, maar slegs wanneer die aksie en die gevolge daarvan tydsgegewys naby mekaar plaasvind. Mens kan nie 'n uur later reageer op iets wat 'n klein kindjie gedoen het en dan verwag dat die kind sin daaruit sal maak nie. Vir kinders van skoolgaande leeftyd is die voorsiening van daardie tydige, akkurate terugvoering belangrik wanneer hulle besig is om probleme op te los of 'n handeling uit te voer. Dit is 'n plesier om 'n onderwyser of ouer dop te hou wat nie slegs 'n kind prys en reghelp nie, maar wat ook nuwe inligting voorsien en die kind aanspoor om weer te dink en op 'n nuwe manier na die probleem of die raaisel te kyk.

"... Babas word gebore met die vermoë om alle spraakklanke te onderskei en soos hulle dan hul eie taal aanleer, verloor hulle 'n deeltjie van daardie vermoë. Wat hulle aan universaliteit verloor, maak hulle op deur die spoed en diepte waartoe hulle in staat is wanneer hulle hul eie taal prosesseer.

"Wat opvoeders en ouers moet verstaan, is dat neurale skulptering – die instem van 'n kind op sy of haar besondere omgewing en die fokus op patrone – 'n natuurlike deel van menslike groei is en dat dit eintlik heel voordelig is ...

"Die brein leer wanneer dit besig is om sin te probeer maak; wanneer dit besig is om voort te bou op dit wat dit reeds weet; wanneer dit die betekenis snap van wat dit besig is om te doen; wanneer dit besig is om in komplekse, veelvoudige perspektiewe te werk." Abbott, J. & Malan, J. 1994. "Learning makes sense: Re-creating education for a changing future" In: Education 2000. Letchworth. p. 73.



Howard Gardner se teorie van veelvoudige intelligensies wat in 1983 die lig gesien het in 'n boek genaamd *Frames of Mind*, het hierdie strategie beïnvloed. Gardner se teorie bied 'n groot aantal stimulerende uitdagings aan onderwysers in die klaskamer, veral aangesien daar blykbaar sterk skakels is tussen sy veelvuldige intelligensies, hoedat kinders (en volwassenes) leer en verskillende onderrigbenaderings wat in die klaskamer toegepas kan word om kinders se verskillende vorms van intelligente gedrag te ondersteun. In sy teorie fokus Gardner eksplisiet op die konsep van intelligensies en hy doen moeite om intelligente gedrag te beskrywe as nie noodwendig slegs aan verbale of wiskundige vermoëns of redeneerkapasiteit verwant nie. Op dié manier maak sy teorie voorsiening dat intelligente gedrag in verskillende kontekste, deur middel van verskillende intellektuele prosesse en deur die waarneming van verskillende gedragspatrone ondersoek en beskrywe kan word. Indien individue 'n aantal verskillende intelligensies kan hê en verskillende vlakke van hierdie intelligensies in 'n aantal verskillende kontekste aan die dag kan lê, is daar veel meer ruimte om die konsep van intelligensie as iets te sien wat dinamies van aard is, wat met die verloop van tyd en deur die ruimte heen kan verander en wat uit meerdere fasette bestaan. En indien daar 'n verband tussen intelligensies en leerstyl bestaan, is daar baie uitdagings vir onderwysers om hul onderrigstyle af te wissel.

Die teorie van veelvuldige intelligensies definieer intelligensie as die vermoë om probleme op te los of produkte te skep wat in minstens een kultuur gewaardeer word. Gardner doen agt verskillende intelligensies aan die hand om van menslike potensiaal in volwassenes en kinders rekenskap te gee.



12. BYLAE C

Oorgeneem uit: Optimizing Learning and Education in Africa – the Language Factor: A Stocktaking Research on Mother Tongue and Bilingual Education in Sub-Saharan Africa by ADEA/GTZ/Commonwealth Secretariat/UIE (Konsepweergawe)

'n Interpretasie van al die navorsing wat uit Afrika en uit die res van die wêreld beskikbaar is, gee aanleiding tot die volgende tabel; dit verteenwoordig wat ons teen die einde van die sekondêre skoolfase van die verskillende taalonderrigmodelle kan verwag.

"Tabel 1: Verwagte Tellings vir T2 (Vak) in skole¹¹ met voldoende hulpbronne teen graad 10-12, afhangende van vroeëre taalmediumkeuses

100							
90							
80							
70							
60							
50							
40							
30							
20							
10							
0							
%	T2 medium hoofstroom plus T2 onttrek	T2 medium hoofstroom plus T2 inhoud	T1 vir 2-3 jaar, skakel dan na T2	T1 vir 2-3 jaar, dan T2 inhoud	T1 vir 6/7 jaar, dan T2 medium	Dubbelmedium (T1 slegs 5-6 jr, T1+T2 MVO 7 ^e jr)	T1 medium reg deur, plus goeie aanbod van T2 as vak
T I P E	Vermin-derend	Vermin-derend	2a Vroeë-uitgang oorgang	2b Vroeë-uitgang oorgang	3 Laat-uitgang oorgang	4a Vermeer-derend	4b Vermeer-derend ¹²

11 Met ander woorde: spesialisanderwysers van Engels, klein klasse, voldoende klaskamerhulpbronne (geëkstrapoleer uit Ramirez 1991, Thomas & Collier 1997, 2002; gekorreleer met Macdonald 1990 & Heugh 2002).

12 Hierdie model, T1 (moedertaal) reg deur, plus ITBK as 'n vak wat deur spesialisanderwysers in hierdie taal onderrig word, is in Suid-Afrika vir sprekers van Afrikaans gebruik. Die studente wat die hoogste akademiese prestasie aan die einde van die sekondêre skoolloopbaan in Suid-Afrika behaal het, is studente wat in skole was wat hierdie model gebruik het.



"Wat hierdie tabel doen, is om beplanners van 'n raamwerk te voorsien waarteen hulle kan meet wat die waarskynlike uitkomst vir die onderwysstelsel sal wees, afhangende van die taalonderrigmodel wat gebruik word. In Afrika-omgewings is die meerderheid van die modelle van die verminderende of vroeëuitgangtipe (2a). Die beste waarvoor 'n mens sou kon hoop indien daar met hierdie modelle voortgegaan word, is prestasies van tussen 20% en 40% teen graad 12.

"Indien 'n mens die vroeëuitgaanmodelle en die bevindinge van studies nagaan wat op 'n groot skaal in die VSA uitgevoer is (Ramirez et al 1991; Thomas & Collier 1997, 2002) sowel as die studies wat in lande in Afrika uitgevoer is, bv. in Niger (Halaoui, 2003), verwag jy om te vind dat studente in die vroeëuitgaanmodelle beduidend beter in hul geletterdheid en syferkundigheidsvlakke vaar as studente wat hulle in die verminderende (reguit-na-TBK) modelle bevind.

"Halfpad deur die vierde jaar (soms vroeër) begin hierdie studente egter agter raak by dié wat, in ander kontekste, in T1/MTO onderrig word. Hulle kan nie byhou by die nasionale norms vir studente wat T1-onderwys geniet nie.

Oor die hele vasteland heen is daar minder as 50% van leerlinge wat tot aan die einde van die primêre fase op skool bly. Die herhaal- en uitsakkoers is baie hoog, sodat dit vir onderwysbeplanners nie dadelik duidelik is nie dat, indien hulle vroeë-uitgaanmodelle kies, hulle eintlik 'n uitkoms kies waardeur studente slegs 20% tot 40% sal behaal in die taal wat teen graad 10-12 as die onderrigmedium gebruik word. Sonder dat hulle die gevolge besef, selekteer die onderwysowerhede in die meeste lande 'n model wat slegs beperkte welslae kan behaal en slegs beperkte toegang tot die sekondêre skool en verder kan bied. Indien hulle nie voldoende bevoegdheid in die onderrigmedium het nie, sal studente nie in staat wees om areas van die kurrikulum soos Wetenskap en Wiskunde te verstaan, of welslae daarin te behaal nie. Dit is pynlik duidelik in Suid-Afrika waar minder as 1% van studente wat T1- sprekers van 'n Afrikataal is, in staat is om aan die einde van die sekondêre skoolloopbaan met 'n universiteitstoelating in Wiskunde en Wetenskap te slaag.



13. LYS VAN AKRONIEME

AOO:	Algemene Onderwys-en-opleiding
AOOS:	Algemene Onderwys-en-opleidingsertifikaat
DOO:	Departement van Onderwys en Opleiding
GF:	Grondslagfase
GLOO:	Gespesialiseerde Leerder- en Opvoederondersteuning
GOS:	Gevorderde Onderwysertifikaat
GTZ:	Duitse Tegniese Samewerking
HK:	Hoofkantoor
HKA:	Hoofkurrikulumadviseur
HvD:	Hoof van Departement
IF:	Intermediêre Fase
IRA:	Internasionale Leesvereniging
IT:	Inligtingstegnologie
ITBK:	Internasionale Taal van Breër Kommunikasie
KA:	Kurrikulumadviseur
KB's:	Kringbestuurders
KOI:	Kaapse Onderwysinstituut
KTS:	Koördinerende Taakspan
LOA:	Leerondersteuningsassistent
LOM:	Leerondersteuningsmateriaal
LOOM:	Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal
MT:	Moedertaal
MTGTO:	Moedertaalgebaseerde Tweektalige Onderwys
MvV:	Memorandum van Verstandhouding
NKV:	Nasionale Kurrikulumverklaring
NRO:	Nieregeringsorganisasie
OA:	Onderwysassitent
OBOS:	Onderwysbestuurs-en-ontwikkelingsentrum
OM:	Onderrigmedium
PSVP:	Primêreskool-voedingsprogram
SBL:	Skoolbeheerliggaam
SBS:	Senior Bestuurspan
SF:	Seniorfase
TLO:	Taal van Leer en Onderrig
TOPCO:	Topbestuur van die WKOD
UNESCO:	Verenigde Nasies se Onderwys-, Wetenskap- en Kultuurorganisasie
VOD:	Verdere Onderwysdiploma
VOO:	Verdere Onderwys en Opleiding
WKOD:	Wes-Kaap Onderwysdepartement
WWT-pakket:	Wiskunde, Wetenskap en Tegnologiepakket

